



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

REKTOR SE BESTUURSVERSLAG AAN DIE RAAD

Maandag 30 November 2020

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

Inhoudsopgawe

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH.....	6
1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)	6
1.2 Regsdiens in die tyd van COVID-19.....	9
1.3 COVID-19-verwante kommunikasie.....	9
1.4 US in die nuus (27 Aug–26 Okt 2020)	10
1.5 US-podsendings	11
1.6 Kontak- en Kliëntedienssentrum.....	12
1.7 Kampusgesondheid in die tyd van COVID-19.....	12
1.8 Fondswerwingshoogtepunte	12
1.9 Projek vir 'n nuwe US-handelsmerk.....	14
1.10 US-gedragskode	15
1.11 Transformasie-indaba	15
1.12 Kampusvernuwing.....	15
1.13 Coetzenburg kry weer lewe	18
1.14 Omgewingsvolhoubaarheid	19
1.15 Stelselvernuwing	19
1.16 IKT-risikobestuur	20
1.17 Die soeke na oplossings vir aanlyn uitdagings	21
1.18 Strategiese Fonds.....	21
1.19 Verfyning van strategiese bestuursaanwysers	21
1.20 Matiewinkel	22
1.21 US-maatskappyegroep.....	22
1.22 Jaarlikse eksterne audit van personeel- en studentedata	23
TEMA 2 : 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING.....	23
2.1 Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld doen verslag	23
2.2 Studenteraad (SR)	24
2.3 Dell Young Leaders-program.....	25
2.4 Topstudente vereer	25
2.5 Studente-innovasie en -entrepreneurskap aangemoedig	26
2.6 Skaak, Mat(ies)!.....	27
2.7 Eerste aanlyn Internasionale Week	27
2.8 Koshuisplasing.....	27
2.9 Beurse	27
2.10 Studentewerwing.....	28
2.11 Scenariobeplanning vir inname 2022	29
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE.....	29
3.1 Sosiale Impak-simposium.....	30
3.2 Sosiale Impak-publikasie	30
3.3 Eksterne transformasievennootskappe en -netwerke	30
3.4 Ooreenkomste en skakeling met vennootinstellings.....	31
3.5 Intra-Afrika-mobiliteit	31
3.6 Alumniskakeling deur aanlyn geleenthede	32
3.7 Woordfees, WOW en US Koor	32
3.8 'Gesonde' vennootskappe	33
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER.....	33
4.1 Bykomende steun vir noodafstandsonderrig, - leer en -assessering by die US.....	33
4.2 SUNLearn.....	34
4.3 Eksamineringsekuriteit.....	34
4.4 Desember-gradeplegtighede	35

4.5	Afrika Doktorale Akademie	35
4.6	Kortkursus oor globale gesondheid	35
4.7	Geïntegreerde kortkursus oor gesondheid en leierskap	35
4.8	Lesse uit die Biblioteek.....	36
4.9	AvOL aanlyn aangebied.....	36
4.10	Konferensie oor ervaringgerigte opvoeding	36
4.11	Aanlyn sokkerafrigtingsontwikkeling	37
4.12	Maggie Laubser-versameling gedigitaliseer.....	37
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK		37
5.1	Navorsingsetiekkomitee van die Senaat.....	37
5.2	US belê groot in nagraadse beurse	38
5.3	US-navorsingsuitset tot dusver vanjaar	38
5.4	Voorlegging aan DHOO oor kreatiewe uitsette	39
5.5	#Researchforimpact-kommunikasieveldtog	39
5.6	Navorsing met IT verbeter	40
5.7	Biblioteeknavorsingsweek	40
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER.....		40
6.1	Steun vir personeel gedurende COVID-19	40
6.2	Nuwe program vir personeelgesondheid en -welstand.....	41
6.3	Konsepplan vir personeelgesondheid en -welstand	41
6.4	Konsepbeleid oor personeel- en studentegeestesgesondheid by die US	41
6.5	Opname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk	41
6.6	Uitgelese professore	42
6.7	Dagsorg	43
6.8	Siyakhula, nou aanlyn en in stereo	43
6.9	Diensbillikheid by die US versnel	43
6.10	Uitsonderlike personeelprestasies.....	44
SLOT		44
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE		45
Meningsartikels (27 Aug–26 Okt 2020).....		45
Rubrieke (27 Aug–26 Okt 2020)		50
MEDEWERKERS.....		51

INLEIDING

Welkom by die **laaste Raadsvergadering van 2020**. Soos met ons vorige vergaderings, kom ons vanweë COVID-19 nogmaals aanlyn byeen.

By die afhandeling van hierdie verslag het ons die ontstellende nuus ontvang dat een van ons studente dood in sy koshuis op ons Stellenboschkampus aangetref is. As Universiteitsgemeenskap is ons diep bedroef oor hierdie verlies, en maak dit ons opnuut pynlik bewus van ons verantwoordelikheid om mekaar in moeilike tye te ondersteun. Ons voorsien **psigoterapeutiese steun** aan studente en personeellede, en pogings om hierdie dienste te verbeter duur voort (**sien tema 6** hieronder vir bydraes oor 'n voorgestelde **geestesgesondheidsbeleid** en **konsepplan vir gesondheid en welstand** aan die US).

Vanjaar sal tereg onthou word as **besonder uitdagend**. Wat as 'n spreekwoordelike "jaar van volmaakte sig" begin het, het vinnig in 'n maalkolk van onsekerheid ontaard, wat vasbyt vereis het om deur te druk en koers te hou met ons strategiese rigting en doelwitte.

Ek het in my vorige verslae aan die Raad volledige terugvoer gebied oor die soepel institusionele bestuursprosesse wat uit die gekoördineerde en geïntegreerde werk van ons Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) voortgevloe het. Ek het ook verslag gedoen oor die innovasie en behendigheid van ons personeel, wat verenig het in 'n suksesvolle strategie om ons akademiese projek op koers te hou.

Met die aanvang van ons vierde kwartaal op 21 September is die landwye inperking tot **vlak 1** verlaag. Ondanks verdere verslapping in beperkings, het regulasies oor fisiese distansiering en ander eksterne faktore dit egter moeilik gemaak om groot getalle studente terug te nooi kampus toe.

Ons het besluit om liewer versigtig te wees, en nie die proses vir personeellede en studente se terugkeer kampus toe aan te jaag nie. Dié besluit was gegrond op ons beoordeling van wat **prakties uitvoerbaar** is binne die vermoë van die Universiteit.

En net toe dit begin lyk of dinge stadig begin normaliseer, het berigte oor 'n **nuwe laag infeksies** in die Wes-Kaap en elders in die land begin opduik. Dit hou die moontlikheid in van 'n terugkeer na 'n hoër inperkingsvlak, wat uiteraard ons akademiese bedrywighede sal raak.

Boonop het berigte van **onverantwoordelike gedrag** deur sommige studente my teen die middel van Oktober genoop om die ganse studentegemeenskap te maan om steeds die riglyne oor sosiale distansiering en die dra van maskers te gehoorsaam, en nie hul akademiese jaar so na aan die eindstreep in gevaar te stel nie (klik [hier](#) vir daardie boodskap).

Met alles in ag genome, was die Senaat se besluit om vir die res van die akademiese jaar met **noodafstandsonderrig, -leer en -assessering voort te gaan** dus 'n verstandige een. Met die moontlikheid van 'n nuwe laag infeksies sal ons dalk op dié manier moet aangaan, minstens vir die eerste kwartaal van 2021.

Ondanks al die onsekerhede en uitdagings wat ons in die loop van die jaar as 'n instelling moes trotseer, het die US sy **plek internasionaal verder verstewig** as 'n toonaangewende instelling in Afrika wat lewens verbeter, nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd.

Die US het die afgelope drie maande die merkwaardige prestasie behaal om op **drie ranglyste** onder die voorste universiteite ter wêreld getel te word. Die US News & World Report se ranglys van die beste universiteite ter wêreld vir 2021 het ons in Oktober derde in Suid-Afrika geplaas. Ons het in September ons plek in die kategorie 251–300 op die Times Higher Education-wêrelduniversiteitsranglys vir 2021 behou. En in Augustus het ons ons posisie op die Akademiese Ranglys van Wêrelduniversiteite (ARWU), oftewel die Sjanghai-ranglys, gekonsolideer.

Hoewel ons allereers op akademiese en navorsingsuitnemendheid konsentreer, begryp ons die belang van ranglyste in die algehele opvatting van 'n instelling se statuus. Terselfdertyd is dit 'n

gekompliseerde en dikwels omstrede saak, soos weerspieël in die [diepteverslag oor ranglyste](#) wat by die vorige Raadsvergadering gedien het.

Ek vertel elders in hierdie verslag van die impak van ons navorsingsinisiatiewe (**sien tema 5**) en verleen graag erkenning aan die fenomenale werk van ál ons kollegas. Nietemin wil ek graag vanjaar afsluit met spesiale vermelding van US-baanbrekerswerk wat 'n enorme impak het op die lewens van ons mense wat met tuberkulose (TB) en MIV/vigs leef.

Ek verwys na die werk van **prof Mark Cotton**, uitgelese professor in Pediatrie en Kindergesondheid, wat 'n groot toekenning van die Vennootskap vir Kliniese Proewe in Europa en Ontwikkelende Lande (EDCTP) ontvang het vir 'n evaluering van die doeltreffendheid en veiligheid van MTBVAC, 'n nuwe TB-entstof. Die US maak deel uit van 'n konsortium van nege internasionale instellings wat aan hierdie projek werk. Die toekenning in euro is gelykstaande aan meer as R162 miljoen. Die doel is om die maatskaplike en ekonomiese las van armoedeverwante siektes in ontwikkelende lande, veral in Afrika suid van die Sahara, te verlig deur die kliniese ontwikkeling van doeltreffende, veilige, toeganklike, gepaste en bekostigbare mediese intervensies vir MIV/vigs, TB, malaria en afgeskepte infeksiesiektes, spesifiek by kinders, te bespoedig.

Dit volg kort ná 'n soortgelyke toekenning laat verlede jaar aan **prof Anneke Hesseling**, direkteur van die pediatriese TB-navorsingsprogram in ons Desmond Tutu TB-sentrum. Haar Unitaïd-toekenning van R280 miljoen is vir die ontwerp en evaluering van beter en veilige voorkoming- en behandelingstrategieë vir TB by kinders.

Hierdie toekennings plaas die US ongetwyfeld aan die voorpunt van navorsing om die sterftesyfer onder kinders met multimiddelweerstandige TB en vigsverwante infeksies dramaties te verlaag.

Teen die agtergrond van die etlike ander navorsingsprogramme onder leiding van ons indrukwekkende lys uitgelese professore (**sien 6.6**) en navorsingspanne, toon hierdie erkenning dat ons stewig op koers is **om ons visie te verwesenlik** om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te word, wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder. Dit blyk ewe duidelik uit aanduidings dat die US se navorsingsproduktiwiteit tot dusver vanjaar hoër is as verlede jaar (**sien 5.3**).

Om ons navorsingswerk verder te ondersteun en stukrag te gee, sal die US oor die volgende drie jaar **R120 miljoen in nagraadse beurse belê** om vir die onlangse afname in beursfinansiering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) te vergoed (**sien 5.2**). Sodoende sal die Universiteit sorg dat ons sentrums van uitnemendheid en navorsingsleerstoele kan voortgaan om 'n beduidende impak op die samelewing te hê.

Soortgelyke prestasievlakke kenmerk ook ons leer-en-onderrigportefeulje, met **prof Arnold Schoonwinkel** aan die stuur. Dit sal sonder twyfel ook uit sy Raadsverslag oor werksaamhede in sy verantwoordelike sentrum blyk. (In hierdie oorhoofse bestuursverslag lig ek slegs 'n paar ontwikkelings op die gebied van leer en onderrig uit; raadpleeg gerus sy verslag vir vollediger inligting.) Dit is dan ook prof Schoonwinkel se laaste verslag aan die Raad, want hy tree aan die einde van die jaar af. Ek maak graag van hierdie geleentheid gebruik om my opregte waardering uit te spreek vir sy uitmuntende bydrae tot die sukses van ons instelling en die ontwikkeling van ons studente en personeel – oor baie jare en in verskeie hoedanighede. Terselfdertyd verwelkom ek graag by voorbaat sy opvolger, [prof Deresh Ramjugernath](#), wat in die nuwe jaar by prof Schoonwinkel sal oorneem.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **7 Augustus tot 10 November 2020**, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom hierdie geleentheid om met ons Raadskollegas in gesprek te tree.

TEMA 1: 'n FLORENDENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US 'n **florerende organisasie** te maak, beoog ons 'n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met ‘florerend’ wat omskryf word as ‘om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy’). Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om 'n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”.

1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)

Die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) onder leiding van Bedryfshoof **prof Stan du Plessis** hou toesig oor en snoer bydraes van sy substrukture, wat uit sewe werkstrome en 'n Mediese Advieskomitee bestaan, saam. Oorsigtelike verslae oor hul werksaamhede in die verslagtydperk (**7 August to 10 November 2020**) volg hieronder.

Werkstroom 1: Studentedienste

Voorsitter: Dr Ronel Retief

Die werkstroom vir studentedienste (WSD) het die IKBV van 'n verslag voorsien oor die steun wat vereis sal word vir **eerstejaars in 2021**, wat die Universiteit met uiteenlopende voorbereidingsvlakke sal betree. Die verslag het voorstelle ingesluit oor 'n holistiese oriënteringsprogram vir eerstejaars, programspesifieke akademiese steun, sowel as bykomende steun vir dosente. Dit is aan die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) voorgelê, wat dit goedgekeur het vir implementering onder die beskerming van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking.

Die WSD het ook 'n werkgroep met kollegas uit sowel die WSD as die werkstroom vir leer en onderrig saamgestel om 'n raamwerk vir **Almanak 2021** te ontwikkel, met inagneming van die datum waarop die matriekuitslae vir 2020 verwag word (23 Februarie 2021) en die riglyne wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorsien het. Die IKBV het die raamwerk goedgekeur en op die US se tuisblad geplaas ([klik hier](#)). By die skryf van hierdie verslag was oorlegpleging met institusionele rolspelers oor die voorlopige volledige Almanak 2021 goed op dreef met die oog op afhandeling teen die middel van November.

Voorstelle oor die datums vir die aansoek- en toelatingsiklus van 2021 (met die oog op **inname 2022**), die akademiese uitslae wat vir toelatingsbesluite gebruik moet word sowel as die gebruik van die Nasionale Normtoetse (NNT's) is ook aan die IKBV en die KLO voorgelê. Die impak van die inperking op vanjaar se graad 11's het veral aandag ontvang. Die voorstelle is goedgekeur.

Daarbenewens het beplanning vir die **gradeplegtighede van Desember 2020** in alle erns afgeskop. Ons sal klein fisiese geleenthede aanbied om eredoktorsgrade en PhD's te verleen (wat sowel Maart/April as Desember 2020 sal dek). Dit vind plaas op 14, 15 en 16 Desember, en sal aan alle protokolle oor sosiale distansiëring en die regulasies oor lokaalkapasiteit voldoen. Aangesien ons nou meer tyd het om voor te berei as in Maart/April, beplan ons om die oorblywende kwalifikasies in aanlyn gradeplegtighede volgens fakulteit te verleen (**sien 4.4**, en besoek dié [webblad](#)).

Werkstroom 2: Leer en onderrig

Voorsitter: Prof Arnold Schoonwinkel

Die werkstroom vir leer en onderrig (WLO) fokus op die voortsetting en aanpassing van leer en onderrig te midde van die COVID-19-pandemie, sowel as studentesorg. Risiko's word by die IKBV en die US se Oudit- en Risikokomitee aangemeld. Die WLO ontmoet ongeveer tweeweekliks om te bepaal watter leer- en onderrigverwante benaderings aangepas en watter inligting aan studente en personelede oorgedra moet word.

Kwessies wat in die verslagtydperk hanteer is:

- Studente sal nog tot die einde van die jaar gratis selfoondata ontvang. Koshuisstudente wat deur beurtkrag geraak is, ontvang ook sedert September databondels.
- Reëlings is getref om finalejaarstudente in sekere programme en fakulteite in November en Desember tradisionele eksamens onder toesig te laat aflê. Hierdie eksamens word afgelê om aan vereistes rakende praktiese werk of die bepalings van beroepspliggame te voldoen, en sal in lokale sowel op ons kampusse en elders geskied.
- Hoewel meer studente ingevolge vlak 1 van die inperking mag terugkeer, het fakulteite besluit om te hou by hul vroeëre aankondiging oor modules wat vir die res van die jaar aanlyn aangebied sal word. Die oorblywende COVID-19-beperkings op die getal mense wat op een slag in 'n lokaal mag wees sowel as fisiese distansiëring was deurslaggewend.
- 'n Dosent in die Fakulteit Ingenieurswese het 'n sagtewaretoeëpassing ontwikkel om gesinchroniseerde toets-/eksamenaflegging gedurende beurtkrag moontlik te maak. Dit word tans op die proef gestel.
- Besluite is geneem oor die kategorieë studente wat in Januarie 2021 toegang tot A4-eksamens sal ontvang op grond van swak prestasie in die Junie-/Julie-eksamen vanjaar. Fakulteitsbeplanning om hierdie studente te help voorberei is aan die gang. 'n Besluit is ook geneem om nie enige verdere eksamens in Februarie 2021 te hê vir studente wat nie die eksamens in November/Desember 2020 slaag nie. In plaas daarvan, bied fakulteite ondersteuning om studentesukses gedurende eksamengeleenthede A3 en A4 te bevorder.
- Danksy verskeie versoeke van die WLO om rekenaargebruikersareas toegankliker vir studente te maak, is 'n werkgroep tot stand gebring wat institusionele regulasies oor toegang tot studielokale opgestel het. Beplanning is aan die gang om menslike en finansiële hulpbronne te identifiseer sodat die areas langer kan oopbly.
- Die laat **aanvang van die akademiese jaar 2021 op 15 Maart** (omdat graad 12-uitslae eers op 23 Februarie verwag word) beteken minder beskikbare klasdae en korter assesseringstydperke. Die WLO het die implikasies hiervan vir die US se leer- en onderrig aanbod sowel as vir die formaat/duur van assesserings bespreek.

Werkstroom 3: Personeel (menslike hulpbronne, gesondheid en welstand)

Voorsitter: Prof Nico Koopman

Die werkstroom vir personeel (WP) gaan voort om advies te bied oor personeelaangeleenthede teen die agtergrond van COVID-19, en binne die raamwerk van die Universiteit se waardes van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid. In 'n mededeling op 2 Oktober is personeellede aangemoedig om verlof te neem ter wille van hul gesondheid en welstand.

Vlak 1 en 2: Al is die inperking verder verslap, het regulasies oor fisiese distansiëring en ander maatreëls steeds 'n invloed op reëlins om personeel na die werkplek te laat terugkeer.

Die IKBV het die WP se aanbeveling goedgekeur dat personeel so ver moontlik voortgaan om van die huis af te werk, soos wat hulle met hulle onderskeie lynbestuurders afsprek. Waar omgewings en lynbestuurders vereis dat personeel terugkeer kantoor toe moet bepaalde gesondheid- en veiligheidsmaatreëls en protokolle in werking gestel word.

Die US se twee hoofdoelwitte vir die res van 2020 is om die akademiese program te voltooi en institusionele volhoubaarheid te verseker. Die veronderstelling is dat waar lynbestuurders vereis dat personeel terugkeer kantoor toe dít uitsluitlik sal wees om hierdie twee doelwitte te bevorder.

Akademiese jaar 2021: Om vir die akademiese jaar 2021 voor te berei, kan personeel dalk moet terugkeer kampus toe. Nietemin word 'n spesifieke terugkeerdatum nie nagejaag nie. In plaas daarvan, dui 'n aantal faktore daarop dat 'n gefaseerde en gediversifiseerde terugkeer in verskillende omgewings en deur verskillende individue die aangewese roete is.

Werkstroom 4: Kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge

Voorsitter: Prof Hester Klopper

Die werkstroom vir kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge (WKSIEV) het gedurende die verslagtydperk verskeie protokolle en aanbevelings aan die IKBV voorsien:

- Die IKBV het aanbevelings oor ondersteuning vir internasionale studente aanvaar. 'n Protokol vir internasionale reis om konferensies by te woon is ook goedgekeur, en sal bygewerk word namate die reisverbod verander.
- Op grond van die US se ontvallingsprotokol vir studente is 'n prosesvloeï vir die aanmelding van studentesterfgevallen opgestel.
- Ná etlike versoeke vir **US-handelsmerkmaskers** het die WKSIEV 'n aanbeveling opgestel, wat deur die IKBV goedgekeur is. Die Matiewinkel sal voortaan handelsmerkmaskers verkoop, terwyl aankope maskers sonder die handelsmerk sal voorsien.
- Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking hou die US se spesiale [COVID-19-webblad](#) by, onder meer die afdeling met gewilde vrae en antwoorde. Die US is geloof vir die omvattende, bygewerkte inligting wat op hierdie blad verskyn.
- Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking hou ook 'n rooster by om die skedulering van kommunikasie aan personeel en studente te verbeter. Dieselfde rooster word vir die US se verslagdoening aan die DHOO gebruik.

In 'n opname oor lesse vanjaar, het WKSIEV-lede gesê die werkstroom funksioneer goed en skep sinergie en geleentheid vir samewerking.

Werkstroom 5: Kampusbedrywighede

Voorsitter: Me Nicolette van den Eijkel

Die werkstroom vir kampusbedrywighede sorg hoofsaaklik dat die US aan inperkingsregulasies voldoen, en om ons kampusse vir personeel en studente se terugkeer gereed te kry.

Werkplekplanning en -protokolle is met die oog op vlak 1 van die inperking aangepas. Meer personeel en studente word op die US se kampusse opgemerk, hoewel daaglikse getalle steeds betreklik laag is. 'n Groot **bron van kommer is voldoening aan sosiale distansiëring en die dra van maskers**.

Die werkstroom het 'n besprekingstelsel ingestel om rekenaargebruikersareas oop te stel vir studente wat nie formeel teruggenooi is kampus toe nie. Sodoende kan diegene wat naby woon en wie se tuisomgewings nie bevorderlik is vir studie nie, toegang tot hierdie fasiliteite verkry.

Akademiese geboue het 'n aantal COVID-positiewe gevalle aangemeld, maar die infeksies het nie op kampus ontstaan nie. Wat koshuisstudente betref, was daar sedert die begin van die inperking tien COVID-positiewe gevalle. Die betrokke protokolle werk egter goed.

Werkstroom 6: Finansies en regsangeleenthede

Voorsitter: Mnr Manie Lombard

Die opdrag van die werkstroom vir finansies en regsangeleenthede is om die finansiële en regsimplikasies van COVID-19 vir die US te bestuur.

Studentegeld: Verskeie temperingsmaatreëls vir die betaling van studentegeld is in Mei aangekondig. Dit het ingesluit dat geen heffings vir studenteparkering, sportklubs, huisfondse en aktiwiteite van privaatstudenteorganisasies ingevorder sou word nie. Nadat die inperking verslap en aktiwiteite stadigaan hervat is, is hierdie heffings een vir een met die betrokke studente- en ander bestuursliggame bespreek. Die IKBV het gevolglik goedkeuring verleen dat nuwe heffings by studenterekeninge ingesluit word.

Kontantvloei en finansiële volhoubaarheid: Kontantvloeivooruitskattings word steeds op 'n daaglikse, maandelikse en jaarlikse grondslag bestuur namate nuwe inligting oor COVID-19

beskikbaar raak. Die bestuur is tevrede dat die maatreëls wat tot dusver getref is voldoende is om finansiële volhoubaarheid oor 'n beplanningshorison van ses jaar te verseker.

Werkstroom 7: Navorsings-/Mediese Advieskomitee

Voorsitter: Prof Eugene Cloete

Reis: Hierdie komitee het die IKBV in kennis gestel dat nasionale vlugte vir sakedoeleindes goedgekeur kan word, mits protokolle nagekom en gesondheidskontroles uitgevoer word. Klein konferensies/vergaderings kan toegelaat word, dog met streng nakoming van alle protokolle.

Kontakonderhoude vir navorsingsdoeleindes: 'n Nuwe protokol vir persoonlike navorsingsonderhoude is aanvaar. Aansoeke moet deur ons navorsingsetiekkomitees hanteer word.

1.2 Regsdienste in die tyd van COVID-19

Toe die COVID-19-pandemie uitbreek, het ons Afdeling Regsdienste sy aandag verskuif na die wetsraamwerk wat die regering gepubliseer het om die pandemie te bestuur. Interne belanghebbendes is van leiding, advies en kommentaar oor verskeie **COVID-19-verwante navrae** voorsien. Meer as 20 memorandum is tot dusver opgestel wat pandemieverwante wetsaangeleenthede verduidelik en leiding oor verbandhoudende regs kwessies bied. Sommige memo's is verskeie kere bygewerk namate die inperkingsvlakke aangepas is.

Kommersiële Kontrakte het aanvanklik 'n effense afname in werkklas ondervind. Maar namate beperkings opgehef is en US-omgewings nuwe werkswyses begin implementeer het, het die tempo drasties toegeneem. Dít was grotendeels weens 'n skerp toename in die getal leningsooreenkomste ingevolge waarvan studente US-bates kon uitneem om van die huis af met hul studies voort te gaan. Om skielik digitaal te moes werk was aanvanklik ietwat van 'n uitdaging, maar nuwe prosesse en prosedures is sedertdien in werking gestel.

Toe die inperking afgekondig is, moes sommige **dissiplinêre verhore vir studente** uitgestel word omdat nie alle inligting beskikbaar en toeganklik was nie, wat tot vertraging gelei het. Uitdagings soos swak of geen internetverbinding, onversoerbare sagteware en probleme om studente en personeellede se toestemming vir aanlyn verhore te bekom het verder tot vertraging bygedra. Die meeste van hierdie kwessies is gelukkig sedertdien uitgestryk. Nogtans neem sake toe omdat aanlyn klasse en eksamens met 'n toename in dissiplinêre aangeleenthede oor akademiese wangedrag deur studente gepaardgaan.


'n Verdere fokus in die verslagtydperk was die wysiging van die **Dissiplinêre Kode vir Studente**. Belanghebbendes word tans geraadpleeg. Die kode sal ook met die oog op die nuwe SUNStudent-stelsel gedigitaliseer word.

1.3 COVID-19-verwante kommunikasie

Webblad: Ons spesiale [COVID-19-webblad](#) op die Universiteit se tuisblad is geskep om as 'n platform vir al ons kommunikasie oor die koronavirussiekte te dien. Skakels na die blad word by ander vorme van kommunikasie ingesluit. Namate die situasie en die gepaardgaande kommunikasiebehoefte ontvou het, is die webblad aangepas om aan vereistes te voldoen. Van 25 Junie tot 30 September het die Engelse blad 16 915 besoekers ontvang, van wie 10 172 gereelde besoekers was, terwyl die Afrikaanse blad 1 680 besoekers gehad het, wat 1 024 gereelde besoekers insluit.

Massa-e-posse: Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking het in die verslagtydperk tien massa-e-posse aan personelede en studente gestuur. Hierdie mededelings is goed ontvang en leesers het gewissel van 62,4% tot 75%, wat die bedryfsstandaard oortref. In sommige gevalle is die e-posse gevolg deur SMS'e wat studente na belangrike inligting in die e-posse sowel as op ons COVID-19-blad verwys. Die weeklikse elektroniese nuusbriewe vir personeel, info@StellenboschUni en nuus@StellenboschUni, word gebruik om die jongste COVID-19-verwante nuus te konsolideer.

Sosiale media: Plasinge op sosiale media word gebruik om ons koronavirus-boodskappe te versterk, en om belanghebbendes na vollediger inligting op ons COVID-19-webblad te verwys. Hierdie boodskappe, veral oor akademiese, is met groot belangstelling op die US se sosialemediakanale ontvang.



Namate sommige studente begin terugkeer het, het Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking die COVID-19-bewusmakingsveldtog **#terugopkampus** op sosiale media van stapel gestuur (sien voorbeelde hierbo). By die skryf van hierdie verslag het die veldtog, wat voortgaan om inligting oor die voorgeskrewe COVID-19-veiligheidsmaatreëls te versprei, reeds 285 003 mense bereik.

1.4 US in die nuus (27 Aug–26 Okt 2020)

(Alle items in **blou** hieronder bevat hiperskakels. Klik asseblief daarop om toegang te verkry.)

Volgens die mediamonitoringsagentskap PEAR het die US in Oktober **die meeste nuusbrokkies** van alle Suid-Afrikaanse universiteite opgelewer (teenoor tweede meeste in September en vierde in Augustus), met die UK en UJ onderskeidelik in tweede en derde plek. Die subkategorie **“Navorsing en innovasie”** was die vernaamste bydraer (ook hiër was die US in Oktober eerste, teenoor tweede in September en derde in Augustus). Met betrekking tot **fakulteitsverwante dekking** het Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in Oktober die voortou geneem wat algehele volume betref, gevolg deur Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

Ons kenners het in hierdie tyd van **COVID-19** voortgegaan om die media van waardevolle inhoud en kommentaar te voorsien, en het sodoende die Universiteit se reputasie as ’n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig. So byvoorbeeld is die jongste **NIDS-CRAM**-verslag op 30 September aan die media uitgereik, en het dit weer wye mediadekking ontvang, onder andere in **Daily Maverick**, **Weekend Argus**, **Business Day** en **Mail & Guardian**, sowel as op **SABC News**, **Bizcommunity**, **Transafrica Radio.net** en **The Conversation**.

Ook **Quintin die robot** het goeie publisiteit vir die Universiteit tot gevolg gehad. Berigte oor dié innovasie het verskyn in **Cape Times**, **Sowetan**, **The Herald** en **Die Burger**, sowel as op **IOL**, **Times Live**, **Maroela Media**, **SABC News (web)**, **SABC News (TV)** en **Cape Talk** (**inset 1** en **inset 2**).

Ander COVID-19-verwante voorbeelde sluit die volgende in:

- [Innoverende Covid-19-behandeling red lewens en bespaar hulpbronne](#) (Cape Times, Cape Argus, CCFM, Engineering News, IOL, Yiba, Health24, MatieMedia)
- [Universiteit Stellenbosch betrokke by toetsing van belowende Covid-19-entstof](#) (Die Burger, Eikestadnuus, Tygerburger, Smile FM, CCFM, Bush Radio, IOL, Yiba, BizNews)

Soos dit ’n toonaangewende navorsingsintensiewe instelling betaam, het die US natuurlik ook met **ander navorsingswerk** voortgegaan. Baie daarvan het ook beduidende media-aandag ontvang:

- [Klein visspesie van die Serengeti vernoem na sir David Attenborough](#) (Cape Times, Beeld, Star, Witness, Beeld, Cape Talk, RSG, Maroela Media)
- [Inisiatiewe vir waterbehoud en -herwinning kan waterskaarste help verlig](#) (Cape Argus, Die Burger, Cape Talk, Engineering News, IOL)
- [Wêreld se grootste proefneming toon hoe vinnig brande tussen plakkershutte versprei](#) (Mail & Guardian, Cape Argus, Citizen, Daily Dispatch, Star, Daily Maverick, IOL, CCFM, Cape Talk, Times Live, The South African)
- [Volhoubare houthuismerk is moontlik in SA](#) (Daily Voice, Mercury, Cape Times, Cape Argus, Die Burger, Pretoria News, Smile FM, Business Insider, Engineering News, Cape Talk, 702)
- [Navorsers delf diep om klimaatsimpak op walvisse te verstaan](#) (Die Burger, Cape Argus, Tygerburger, Business Standard, Yiba, Moneyweb)
- [Sontorings se impak op voëls bekyk](#) (Citizen, Noordkaap Bulletin, Times Live, Dispatch Live, Safrica24, Engineering News, Cape Talk, Yiba)
- [Navorsers gebruik unieke fluitroepe van dolfyne om populasiegrootte en beweging in die natuur te bepaal](#) (The Witness, Sunday Times, Cape Times, Mercury, Cape Argus, Beeld, Mail & Guardian, Cape Talk, IOL, Times Live, RSG, Business Insider)

Institusionele nuus waaroor die media berig het, sluit die volgende in:

- [US onder die wêreld se beste in uitnemende navorsing en innovasie](#) (Eikestadnuus, Businesstech, capetownetc, The Careers Portal, Africa Feeds)
- [US verstewig akademiese en psigomaatskaplike steun aan studente](#) (Cape Argus vroeë uitgawe, Cape Argus laat uitgawe, News24, Yiba, Bizcommunity, Smile FM)
- [US en Michael & Susan Dell-stigting werk saam ter wille van studentesukses](#) (Bizcommunity, Yiba, News24, SA Life, 360News, MatieMedia)
- [Prof Deresh Ramjugernath aangewys as US se nuwe Viserektor: Leer en Onderrig](#) (Die Burger, Netwerk24, MatieMedia)
- [Nuwe SR-voorsitter belowe om studentekwessies aan te spreek](#) (Die Burger, Cape Argus, The Star, Eikestadnuus, Netwerk24, stellenboschnews.com, The Daily Vox)
- [#Train4Fees-veldtog oor die wenstreep](#) (Eikestadnuus, Die Burger, Weekend Argus, Helderberg Gazette, Cape Times, Cape Argus, Yiba, IOL)

Denkleierskap: Ons akademiese personelede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapstukke vir [The Conversation](#) te skryf. Altesaam 18 van ons bydraers het in die verslagtydperk 16 artikels gepubliseer, wat saam meer as 300 000 keer gelees is.

Menslike kapitaal: Volgens PEAR se mediamonitoring van individue by die US het 239 mediabrokkies in Oktober na die Universiteit se menslike kapitaal verwys. Dit word as 'n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie "Navorsing en innovasie".

Daarbenewens het personeel en studente van die US weer 'n aansienlike getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** opgelewer (**sien BYLAAG**). Die Mediakantoor het ook die media van **kennerslyste** voorsien met die oog op Vrouedag, 9 Augustus.


1.5 US-podsendings

Die US se podsendingskanaal, [talks@stellenboschuni](#), bied ons kenners 'n platform om buite die tradisionele vorme van akademiese diskoers oor hul werk te gesels. Meer as 20 episodes is sedert Augustus opgeneem, waaronder gesprekke oor [Vrouemaand](#), [wat om te studeer](#) en [Erfenisdag](#).

Podsendings is beskikbaar op die [US-webtuiste](#) deur middel van die volgende dienste: [Anchor](#), [iTunes](#), [Google](#), [Pocket Casts](#), [Breaker](#) en [Spotify](#).

1.6 Kontak- en Kliëntedienssentrum

Ons Kontak- en Kliëntedienssentrum het tot einde-September **meer as 170 000** e-posse en telefoonoproepe vir die jaar hanteer. In die geheel is dít minder as die afgelope twee jaar, hoewel e-posse toegeneem en oproepe afgeneem het (sien hieronder). Konsultante hanteer gemiddeld 100 kontakte per dag.



Kliënte wat bedien word, is hoofsaaklik studente – hetsy voornemend of huidig ingeskrewe. Oproepe van voornemende studente bereik gewoonlik 'n hoogtepunt in Januarie wanneer die matriekuitslae uitgereik word, en weer gedurende die aansoeksiklus van Maart tot Junie. Wat ingeskrewe studente betref, lei registrasie aan die begin van die jaar gewoonlik tot 'n skerp styging in navrae.

1.7 Kampusgesondheid in die tyd van COVID-19

Ons Kampusgesondheidsdiens (KGD) speel 'n kernrol om **personeellede en studente** se terugkeer kampus toe so veilig moontlik te maak. Kliniese personeel help met gesondheidsrisikobeoordeling van infrastruktuur en om personeel vir onderliggende gesondheidsprobleme te sif.

KGD-dokters het in die verslagperiode aan 16 COVID-verwante webinare oor kliniese sake deelgeneem. Hulle het ook op verskeie platforms gekommunikeer oor voorkomende optrede om te keer dat die koronavirus versprei.

1.8 Fondswerwingshoogtepunte

Skenkingsinkomste vir die tydperk Januarie tot September 2020 is **29% meer** as in die ooreenstemmende tydperk in 2019.

Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) het in die tweede semester ten nouste met 'n aantal interne belanghebbendes saamgewerk om te sorg dat alle tersaaklike dokumente en prosesse gereed is om die drie goedgekeurde toekennings van die **Michael & Susan Dell-stigting** (MSDF) te ontvang (vir die digitalisering van Tygerberghospitaal se COVID-19-hoësoorgeneheid, vir aanlyn studentesteun, en vir die Dell Young Leaders-program).

OAB het ook 'n skenking van R1,75 miljoen van die **Oppenheimer-gedenktrust** gefasiliteer. Die doel is om te sorg dat ons voorgraadse studente koers hou met hul studies, en veerkragtig is in die vreemde nuwe omstandighede van noodafstandsonderrig, -leer en -assessering weens COVID-19.

Die **SIOC (Sishen Iron Ore Company) gemeenskapsontwikkelingstrust** het sedert die begin van die jaar R12,6 miljoen geskenk om die werksaamhede van ons Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) te ondersteun, onder meer bykomende finansiering om die impak van die pandemie te help teenwerk. Die trust het die US in 2019 begin ondersteun, en het toe R7,1 miljoen vir die jaar geskenk.

Die **Allan Gray Orbis-stigting** het R4,3 miljoen vir 56 volkostebeurse geskenk, wat beduidend meer is as die R3,5 miljoen vir 42 volkostebeurse verlede jaar.

Ons het R1,7 miljoen ontvang van die R2,5 miljoen waartoe die **Moshal-beursprogram** hulle verbind het. Hulle sal 'n verdere R1,1 miljoen direk aan studente oorbetaal.

Het Jan Marais Nasionale Fonds het vanjaar R2,5 miljoen geskenk – vir die US Woordfees en WOW-projek, noodfondsbeurse, die US Regskliniek, die skooluitreikprojek van die US Museum en vir ons Departement Afrikaans en Nederlands.

Ander hoogtepunte sluit die volgende in:

- R2,1 miljoen van die **Mineraalonderwys trustfonds** vir 'n program in Chinese studie van die Departement Moderne Vreemde Tale in ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
- R2,1 miljoen van die **Albert Wessels-trust**, waarvan die grootste gedeelte vir die Rektor se Strategiese Personeelfonds en nagraadse beurse in die Fakulteit Opvoedkunde bestem is
- R1,4 miljoen van **Gautrain** vir TRAC, ons Wiskunde- en Fisiese Wetenskappe-intervensieprogram
- R1,4 miljoen van **Mediclinic** vir nagraadse beurse vir SUNHEART, ons spesialisnavorsingsentrum op die gebied van kardiologie. Ons het ook 'n nuwe ooreenkoms van R5 miljoen met die hospitaalgroep gesluit wat in 2021 sal begin, vir drie jaar.
- R1,3 miljoen van **ABSA** vir beurse vir tien AgriWetenskappe-eerstejaars
- R790 000 van die betaalplatform **Pay@** vir studentebeurssteun in pas met breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging

#Train4Fees-veldtog

Die gevolge van die COVID-19-pandemie kring ver en wyd uit. Dit raak ook baie van ons studente-atlete, wat hul finansiële bystand kwyt is weens die ekonomiese knou wat ondernemings, skenkers én gesinne toegedien is. OAB en Maties Sport het in Junie die #Train4Fees-veldtog van stapel gestuur om studente-atlete hul **studentegelde** te help betaal.

Tydens die veldtog van drie maande is die publiek gevra om hetsy geld te skenk aan verskeie fondswerwers wat aangebied het om aan die inisiatief deel te neem, of direk by die veldtog aan te sluit deur te draf, fiets of skaatsplank te ry, te stap ... watter fiksheidsaktiwiteite hulle ook al geniet.

Alumni, afrigters, personeellede, studente, maatskappye, trustfondse en ander vriende van die Universiteit wêreldwyd het die veldtog ondersteun en sodoende gesorg dat ons studente-atlete die akademiese jaar kan voltooi sonder om hulle oor finansieringstekorte te bekommer.

Die fondswerwers het 82 Maties-studente-atlete en 13 Maties Sport-personeellede van verskillende sportsoorte ingesluit.

Teen die einde van die veldtog het 109 mense aktief vir die veldtog geld ingesamel, en is altesaam **61 725 km afgelê** – 'n afstand gelykstaande daaraan om **anderhalf keer om die planeet** te gaan! Die bykans **R1,9 miljoen** wat deur **481 skenkings** ingesamel is, is 'n reddingsboei vir ten minste 44 van ons studente-atlete in 'n jaar vol ongekende uitdagings. Ons is opreg dankbaar teenoor elkeen.

#MaskedMasterpieces-veldtog

Buitelugkunswerke met 'n verskil het op 1 Augustus op vyf plekke in verskillende dele van Stellenbosch verskyn. Al die figure wat in die reusagtige kopieë (ongeveer 5 m x 3 m) van bekende Suid-Afrikaanse portrette uitgebeeld word, dra ingeschilderde maskers om die belang van hierdie voorkomingsmaatreël in die stryd teen koronavirussiekte te onderstreep.

#MaskedMasterpieces is 'n openbare kunsprojek wat OAB as 'n fondswerwingsinisiatief vir **studentebeurse** van stapel gestuur het. Die ander vennote in hierdie projek is die **Rupert-museum**, die **Norval-stigting**, **Delaire Graff**, **Investec** en ons eie **US Museum**.



Voetgangers stap verby een van die #MaskedMasterpieces op Stellenbosch. (Foto: Financial Mail, 31 Augustus 2020)



Die skilderye dien as 'n skenkingsplatform deur middel van 'n SnapScan-kode langs elke kunswerk. Die skenkings help studente in die “ontbrekende middel”-kategorie – diegene uit huishoudings wat meer verdien as die afsnypunt vir staatsfinansiering, maar minder as wat nodig is om 'n student op universiteit te onderhou. Die ekonomiese impak van COVID-19 het hierdie groep in selfs groter finansiële probleme gedompel. **Meer as R1 miljoen** is tot dusver ingesamel. Dra gerus by!

Danksy Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het die veldtog heelwat publisiteit ontvang. Die **Stellenbosse Munisipaliteit** het versoek dat die kunswerke nog tot 31 Maart 2021 vertoon word.

1.9 Projek vir 'n nuwe US-handelsmerk

Wat vroeg in 2019 as 'n bywerking van die US se handelsmerk begin het, het sedertdien in die skep van 'n **algeheel nuwe handelsmerkidentiteit** vir ons instelling ontwikkel.

Die handelsmerkroete is aangepas op grond van **waardevolle kommentaar** wat gedurende die vorige institusionele raadplegende fase ontvang is, sowel as die **Senaat** se konstruktiewe bydraes en versoeke vir wyer deelname. Daar is 'n duidelike beroep gedoen dat die nuwe visuele identiteit die US se visie moet weerspieël om “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit [te] wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”. 'n Nuwe institusionele logo behoort dus veel meer as net 'n vars visuele identiteit te weerspieël, soos die aanvanklike opdrag gelui het. In plaas daarvan, moet dit die US se verbintenis tot transformasie onomwonde toon – wat die proses van 'n handelsmerkopknapping in 'n algehele **handelsmerkorming** verander.

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het met 'n hersiene **deelnameproses** begin in pas met die **Raad** se besluit van Junie 2020 dat die Raad die US se visuele handelsmerkidentiteit finaal sal goedkeur. Die handelsmerkposisioneringstrategie, visuele handelsmerkidentiteit en verenigde handelsmerk ontwerp sal veranker wees in die US se visie, missie, institusionele waardes en kern strategiese temas. Die aangepaste deelnameproses verseker **wye institusionele oorlegpleging**. Dit sluit in gestruktureerde inligtings- en skakelingsessies, gefasiliteerde werksessies en 'n aanlyn opname, alles met die oog daarop om die vernaamste institusionele belangegroep te raadpleeg.

Sewentien interaktiewe sessies is in Oktober op MS Teams met 'n wye verskeidenheid belanghebbendes gehou, waaronder die Handelsmerkverwysingsgroep, die Institusionele Transformasiekomitee, die Komitee oor Visuele Regstelling, akademiese en nie-akademiese fakulteitspersoneel, PASD-personeel, studente-leiers en alumni. Altesaam **347 belanghebbendes** het

deelgeneem aan dié sessies, wat in 'n gees van inklusiwiteit, oorlegpleging en gesamentlike betekenisgeving aangebied is.

In samehang met hierdie sessies het belanghebbendes ook 'n ander deelnamegeleentheid ontvang in die vorm van 'n elektroniese vraelys, wat van 6 tot 23 Oktober beskikbaar was. Personeellede, alumni en Raadslede is genooi om deel te neem en **775 reaksies** is ontvang. Die inhoud van die elektroniese opname was dieselfde as dié van die interaktiewe sessies.

Die parameters waarbinne oorlegpleging plaasgevind het, sluit in die goedgekeurde nuwe **handelsmerkposisioneringstrategie**, die **handelsmerk-narratief** en die **institusionele leuse**, “saam vorentoe, forward together, masiyi phambili”. Die parameters vir gesamentlike ontwerp sluit in dat die nuwe visuele identiteit op **Visie 2040** moet berus en met ons voorgestelde beleid oor **visuele regstelling** moet strook. Vanweë handelsmerkekwiteit sal ons maroen as ons primêre **institusionele kleur** behou, wat ons met goud as sekondêre kleur sal aanvul.

Die kommentaar wat met die deelnameproses ingewin word, sal die grondslag uitmaak vir die **ontwerp-opdrag** wat die aangestelde professionele handelsmerkagentskap Boomtown in die skep van 'n nuwe visuele identiteit sal rig. Om genoeg tyd vir oorlegpleging met studente, personeellede en alumni toe te laat, is die plan om die finale voorstel in die nuwe jaar vir goedkeuring aan die Raad voor te lê. Die deelname- en goedkeuringsproses sal die **statutêre roete** van aanbevelings volg, en sal dus voorleggings aan die Institusionele Forum en Senaat sowel as skakeling met die SR insluit, waarna dit vir **finale goedkeuring** voor die **Raad** sal dien.

1.10 US-gedragkode

Die eerste fase van die proses om 'n gedragkode vir die US te skep, het begin. Die kode sal **spesifieke gedrag en praktyke beskryf wat vereis word, aanvaarbaar is en beperk word/verbode is** in die strewende na die US se waardes. Die kernwerkgroep is saamgestel, en werk nou aan 'n hersiene tydlyn en 'n raamwerkdokument vir oorlegpleging.

1.11 Transformasie-indaba

Die US se derde jaarlikse Transformasie-indaba is op 22 Oktober aanlyn aangebied. Die byeenkoms skep 'n geleentheid vir belanghebbendes om oor kwessies van transformasie by die Universiteit te besin en te beraadslaag.

Die **hoofspreker** was **prof André Keet**, lid van die US Raad en die nuwe Viserektor: Maatskaplike Responsiwiteit en Transformasie van Nelson Mandela Universiteit. Hy het gesê die hoëronderwyssektor kan 'n beduidende rol speel in die strewende na transformasie en gelykheid in SA. **Prof Nico Koopman**, die US se Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, het in sy **verwelkomingsrede** bevestig dat die US hom daartoe verbind het om 'n plek van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal te wees.

Onderwerpe verken sluit in: **nuwe US-handelsmerk, visuele regstelling, ons COVID-19-reaksie, geslagsgebaseerde geweld, transformasie-KPA, Siyakhula** en “**Die Artikel**”. 'n **Verslag** oor die Transformasie-indaba sal vroeg volgende jaar gereed wees vir verspreiding.

Hoewel hierdie jaarlikse byeenkoms 'n nuttige platform bly, het dr Claire Kelly, waarnemende hoof van ons Transformasiekantoor, deelnemers herinner dat **transformasie 'n deurlopende projek is**.

1.12 Kampusvernuwing

Kapitaalwerke op ons kampusse het tot 'n skielike stilstand gekom toe die COVID-19-inperking op 27 Maart afgekondig is, maar het sedertdien in pas met die nuwe regulasies hervat. Bouversele en werkers het **goed** by die hersiene COVID-19-regulasies en -protokolle **aangepas**, en nie een van ons 38 bouversele het in die verslagtydperk enige COVID-19-positiewe gevalle aangemeld nie.

Nogtans raak die pandemie die ganse konstruksiebedryf wat betref die beskikbaarheid van materiaal en gespesialiseerde toerusting wat ingevoer moet word. Die grootste impak is 'n tekort aan alle sementagtige en plaatstaalprodukte. Die lang lewertye vir hierdie items **vertraag van ons projekte** met tot 30 werksdae. Die Projekbestuurskantoor hou die situasie fyn dop en sal risiko's registreer indien die impak op ons beboude omgewing enigsins vererger. Die jongste nuus oor 'n paar vername projekte volg hieronder.

Victoriastraat-projek vir niegemotoriseerde vervoer

Bouwerk aan die projek vir niegemotoriseerde vervoer in Victoriastraat het op 3 Junie begin (sien foto regs). Dit behels nuwe hoofleidings vir drinkwater, IT-hulse, mangate en plaveisel.

Die plaveisel sal studente én die algemene publiek se mobiliteitservaring verbeter. Die projek is die eerste van sy soort op ons Stellenboschkampus en voorsien **wandelroetes**, getekstureerde plaveisel vir persone met **swak sig**, sowel as **fietsbane – alles in een**.



Oorspoelfasiliteit



Ons nuwe oorspoelfasiliteit in Hammanshandweg, oorkant die Ingenieurswese-kompleks, sal as 'n **tydelike fasiliteit** dien vir personeellede wat hulle geboue vir opknappingswerk moet ontruim. Dit is 'n indrukwekkende gebou met moderne toebehore en meubels (sien foto links).

Die gebou bestaan uit twee identiese blokke wat met 'n toegeboude brug verbind is. Dit het plek vir meer as 210 mense. Volop parking word buite voorsien. Finale afrondings word tans aangebring.

Jan Mouton Leersentrum

Die Jan Mouton Leersentrum is **99% klaar** (foto regs). Die sakereddingspraktisyns het ingestem om drie dae per week 'n senior verteenwoordiger op die perseel te hê om saam met twee terreinbestuurders vordering te monitor. Die mikpunt vir praktiese en werkevoltooiing is die einde van November.

Die tender vir los meubels vir die lesingsale is afgehandel en meubels word reeds afgelewer. Die spesifikasies vir sagte sitplek word tans afgehandel en tenders sal binnekort aangevra word.



Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou



Die opknapping van die Meganiese en Megatroniese (M&M) Ingenieurswese-gebou het op 9 September praktiese voltooiing bereik. Finale indienstelling van stelsels en eindgebruikeropleiding is in volle gang. Werkevoltooiing en finale projekafhandeling word vir **Februarie 2021** beplan. Die gebou sal as 'n katalisator vir verdere vernuwingsprojekte in die Ingenieurswese-kompleks dien.

Die nuwe M&M-gebou strek oor ses verdiepings en bied onder meer 'n rekenaargebruikersfasiliteit vir tot 311 studente, drie elektroniese klaskamers met sitplek vir 469, en 'n megatronika-laboratorium met 51 werkstasies (sien foto links).

Huis ten Bosch

Die brandherstelwerk en opknappings aan Huis ten Bosch is **46% klaar**. Die voltooiing van verdieping 2 en 3 kry voorkeur sodat studente die kamers op hierdie verdiepings teen die einde van Januarie 2021 kan betrek. Die prioriteitslys vir voltooiing sluit ook die helfte van die eetsaal sowel as voldoende toegang tot alle voltooide areas in. Die beoogde voltooiingsdatum vir alle ander werk – verdieping 1, die binnehowe en ander buiteareas – is Maart 2021.

Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)

By die skryf van hierdie verslag sou fase 1 van die BMNI, wat die konstruksie van die nuwe gebou en die parkeergebied noord daarvan insluit, teen 6 November voltooi wees (sien foto regs). Party gebougebruikers het reeds **ingetrek**. Die indienstelling van stelsels, stelseldemonstrasies en opleiding het begin, en vorder goed.



Fase 2 behels die vernuwing van verdieping 4 en 5 van die bestaande Fisan-gebou sowel as 'n aanlegkamer op verdieping 6. Die aanbouings op die kelderverdieping tussen die Kliniese en Onderwysgebou is klaar. Goedkeuring is verleen om met terreinuitleg voort te gaan.

Nuwe kunsinstallasie vier Grondwet

Ons het op 4 November 'n nuwe kunsinstallasie ter viering van die Grondwet van Suid-Afrika voor ons ikoniese Ou Hoofgebou in Ryneveldstraat onthul.



Die installasie bestaan uit drie metaalplate waarop die aanhef van hierdie grensverskuivende dokument in drie tale – Afrikaans, Engels en Xhosa – te sien is. Die bekende kunstenaar Strijdom van der Merwe het dit ontwerp, en het waterstraaltegnologie gebruik om die woorde uit te sny.

Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, lê die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing, en die beginsel van transformerende konstitusionalisme is die spil

waarom hedendaagse regsgeleerdheid draai. Die 134 jaar oue Ou Hoofgebou is op sy beurt die tuiste van ons Fakulteit Regsgeleerdheid sedert die Fakulteit in 1921 gestig is, wat dit ’n gepaste plek maak om hulde te bring aan “die hoogste reg van die Republiek”.

Die installasie is ná omvattende oorlegpleging gekonseptualiseer. Belanghebbendes wat geraadpleeg is, sluit in die US se Komitee oor Visuele Regstelling, personeel en studente van die Fakulteit Regsgeleerdheid, die US-bestuur sowel as eksterne rolspelers. Dit maak deel uit van ons strewe om die US ’n **meer inklusiewe instelling** te maak.

Ek het by die onthulling gesê ons wil die Universiteitsgemeenskap **verenig** met simbole wat die wonde van die verlede **genees** en ons saam vorentoe sal help beweeg. Die installasie sal ons voortdurend herinner aan **hoe ver ons al gekom het**, as ’n land, dorp én universiteit. Nietemin beteken dit nie ons het ons bestemming bereik nie – intendeel. Ons het ’n **verantwoordelikheid** om die Grondwet te beskerm, en te sorg dat die beloftes daarin ’n werklikheid word.

Die historiese belang van die Ou Hoofgebou strek veel verder as dat ons Fakulteit Regsgeleerdheid die afgelope bykans 100 jaar daaruit funksioneer. In plaas daarvan om ’n tradisionele monument op te rig om die **200ste bestaansjaar van Stellenbosch in 1879** te vier, het die dorp – veral die vroue – geld ingesamel vir die gebou, wat daarna geskenk is aan Stellenbosch-kollege (wat later Victoria-kollege en in 1918 die Universiteit van Stellenbosch geword het).

1.13 Coetzenburg kry weer lewe

Daar was groot vreugde toe Coetzenburg aan die begin van Oktober vir Maties Sport se personeel heropen het. Om aan COVID-19-protokolle te voldoen, werk personeel volgens ’n skofrooster en maak beurte om van die huis af en uit die kantoor te werk.



Die hervatting van **afrigting** vir hokkie, watersport, tennis en atletiek – ofskoon beperk – is met ewe groot geesdrif verwelkom. Die situasie word gemoniteer aan die hand van die riglyne van nasionale gesondheids- en sportowerhede, onder meer die SA Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK).

Sport lewer ’n belangrike bydrae tot die fisiese, sielkundige en emosionele welstand van ons studente-atlete. Die hervatting van aktiwiteite sal ’n aansienlike **positiewe impak** hê op die US én omliggende gemeenskappe wat ons fasiliteite gebruik.

Maties Sport se COVID-19-terugkeerplan is in oorleg met verskeie kernbelanghebbendes opgestel, waaronder die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur, Kampusgesondheidsdiens en die Instituut vir Sport- en Oefeningeneeskunde. Die raamwerk vir die hervatting van sportaktiwiteite is gegrond op die

voorskrifte van verskillende nasionale sportfederasies sowel as die riglyne van die Suid-Afrikaanse regering en die Wêreldgesondheidsorganisasie.

Die raamwerk verduidelik hoe die terugkeer na sportaktiwiteite **omsigtig** en metodies gefasiliteer sal word om alle betrokkenes se veiligheid te verseker. Die hoogste prioriteit is om openbare gesondheid en veiligheid te beskerm en die risiko van virusoordrag te beperk.

1.14 Omgewingsvolhoubaarheid

Die US is die bewaarder van **Stellenboschberg**, die **Duthie-reservaat**, **Koloniesland** en die **Eerste**-sowel as die **Kromrivier**. Hierdie gebiede is belangrik vir bewaring, dra by tot die biodiversiteit van die area, en bevorder omgewingsvolhoubaarheid op kampus.

Ons benadering tot ekologiese groen ruimtes is om dit as ontspannings- en sportgebiede te bestuur, en terselfdertyd die natuur te beskerm en die risiko van brande te beperk. Vir dié doel het ons die volgende programme van stapel gestuur:

- 'n Bestuursplan om uitheemse indringerspesies te verwyder
- Erosiebeheer op Stellenboschberg, waaronder die aanplanting van nuwe bome
- Die voorsiening van inligtingstekens op Stellenboschberg
- Rivierskoonmaakprojekte as deel van die program "Adopt a River" van Stellenbosch Munisipaliteit en die Kaapse Wynlanddistrik

Eiendomsdienste ontwikkel ook tans 'n **stedelike terreinuitlegplan** vir elke US-kampus, met 'n bepaalde klem op die insluiting van inheemse en endemiese plantegroei wat die natuurlike bioom weerspieël.

Afvalbestuur

'n Dokument oor **geïntegreerde afvalbestuur en -materiaalhantering** is onlangs vir ons instelling opgestel. Die dokument beskryf programme en intervensies om afval te sorteer, te verminder, te hergebruik en te herwin om dit uit ons verbruikstroom te probeer verwyder. Die doel is om afval by die bron in verskillende strome te sorteer, van waar dit herwin of korrek mee weggedoen kan word. Uiteindelik keer dít dat die afval op opvulterreine beland. Volgens huidige data het die US in 2020 gemiddeld **meer as 60% van ons afval** van opvulterreine weggekeer (herwin).

1.15 Stelselvernuwing

Koördinering tussen die **SUNFin- en SUNStudent**-projekte bly van die allergrootste belang – nie net vir hulle onderskeie sukses nie, maar ook ter wille van algehele stelselvernuwing by die US.

Ons Afdeling Informatietegnologie (IT) het 36 tegniese personeellede op hetsy 'n deeltydse of voltydse grondslag aan die twee projekte toegeken. Hierdie groep sluit verskeie IKT-ontwerpers in, wat besluite neem oor aspekte soos inligtingsekuriteit, integrasie, die veerkragtigheid van verbindings, data-argivering sowel as oorblyfsels van ou platformomgewings.

Die hersiene SUNFin-plan is opgestel met die oog daarop om verdragings met SUNStudent so ver moontlik te beperk. Lesse wat met SUNFin geleer is, het ook bepaalde verkenningsaktiwiteite as deel van SUNStudent tot gevolg gehad om koppeling met ander US-stelsels betyds uit te wys sodat dit getoets en by die projekplan ingesluit kan word.

SUNFin

Die Rektoraat het in Junie ingestem om die **aktiveringsdatum** van SUNFin met **ses maande** tot Julie 2021 **uit te stel** op grond van verskeie faktore wat die SUNFin-beheer Komitee voorgelê het.

Die hersiene SUNFin-projekplan en -begroting is in Oktober goedgekeur. Hierdie dokumente slaan ag op die lesse wat tot dusver in die projek geleer is, en gaan van die veronderstelling uit dat kernpersoneellede van Finansies **van hul gewone verantwoordelikhede onthef** sal word om

uitsluitlik op die leweringsdoelwitte van die projek te konsentreer. Dít het veral die bedryfsoptimaliseringspan gebaat, wat nou druk besig is om uitstaande bedryfsbesluite af te handel, nuwe prosesse te beplan en, waar dit nodig is, beleide van voor af te belyn.

Intussen het SUNFin verdere projekdoelwitte bereik, waaronder die volgende hoogtepunte:

- IT het hulpbronne voorsien vir 'n betreklik suksesvolle datamigrasie as deel van rondte 2. Dít het datagehalteprobleme help opspoor, wat tans aandag ontvang.
- 'n Rondte 3 is by die hersiene projekplan ingesluit om vir verdere US-datasuiwering voorsiening te maak, en om alle data nóg 'n keer te laai om soveel moontlik lesse voor migrasie te leer.
- Die IKT-integrasiesnelspan het verdere goeie vordering gemaak met die vereiste integrasie tussen die US se ou randstelsels en Oracle Cloud Financials (OCF).
- Die projekspan sal nou daarop konsentreer om toets- en opleidingstrategieë af te handel.

Die projekspan werk hard om die nuwe stelsel op 1 Julie 2021 suksesvol in werking te stel, ondanks die verskeidenheid uitdagings wat 2020 ingehou het. Die herrangskikking van die **Afdeling Finansies** se **organisasionele struktuur** en 'n hersiening van rolle en verantwoordelikhede is deurslaggewend.

SUNStudent

Opleiding- en toetsingsaktiwiteite om die fase 1-funksies op **6 April 2021** te **aktiveer** is van die middel van Augustus tot die begin van Oktober 2020 deur middel van daaglikse afstandsessies op MS Teams afgehandel. Hierdie funksies sluit in **handboekbestellings**, **werwing** en **toelating**. Deelnemers het die sessies as suksesvol beskryf, en was positief dat die nuwe stelsel in hulle behoeftes sal voorsien.

Almal doen alles moontlik om die bloudrukdokumente vir alle oorblywende funksies hersien en goedgekeur te kry. Dít sal dan voorrang geniet vir konfigurasië sowel as toetsing en opleiding om teen November 2021 sekere funksies in fase 2 te kan aktiveer. 'n Volledige implementeringsplan vir fase 2 en 3 sowel as kortkursusse word tans opgestel, en dek die tydperk van die vierde kwartaal van 2020 tot die eerste kwartaal van 2022.

Hoewel die betrokkenes **lang ure** werk, bly dit 'n **moeilike balanseertoertjie** om sperdatums te haal en terselfdertyd die swaarder werk as gevolg van COVID-19-gebeurlikheidsmaatreëls te hanteer.

1.16 IKT-risikobestuur

Met die aanvang van die COVID-19-krisis het IT na die hoogste versnelling oorgeskakel vir die blitsige oorgang na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering ter ondersteuning van ons strategiese tema van 'n florerende US. Nietemin moes **kuberveiligheid** terselfdertyd 'n topprioriteit bly. Daarom is twee bykomende sekuriteitsfunksies – multifaktorstawing ("MFA") en 'n veilige virtuele privaat netwerk (VPN) – in werking gestel.

MFA

Hoewel die US oor teenvirussagteware, netwerkkanse en koderingstechnologie beskik het, het ons nie MFA gehad nie, wat deesdae noodsaaklik is om belangrike data te beskerm.

MFA verhoog profielsekuriteit deur op verskeie vorme van stawing aan te dring om 'n gebruiker se identiteit te bevestig wanneer hy/sy op 'n toepassing of diens aanmeld.

MFA is op 30 Julie geaktiveer en personele en studente is versoek om teen die middel van Augustus te registreer. Registrasie was tot dusver vrywillig, buiten vir agente wat die diensbestuurstelsel gebruik om diensversoeke in te dien, en vir alle gebruikers van die veilige VPN. Altesaam **31 171 gebruikers** het tot op hede vir MFA geregistreer.

Veilige VPN-platform

IT is daarvoor verantwoordelik om die Universiteit se werksmag in staat te stel om veilig van buite die kantooromgewing te funksioneer. 'n Veilige VPN is opgestel en geïnstalleer sodat gebruikers veilig van die huis af by die US-netwerk kan aansluit, asof hulle op kantoor is.

1.17 Die soeke na oplossings vir aanlyn uitdagings

Digitale akademiese sertifikate: IT het 'n versoek gefasiliteer vir 'n wolkoplossing om die uitreiking van verskillende tipes digitale akademiese sertifikate te bestuur. Die onmiddellike behoefte is vir kortkursusse wat deur Innovus geadminestrer word, maar 'n omvattender tenderproses sal ook oor sertifisering in die algemeen handel. Kwessies soos verplaasbaarheid, sekuriteit, lewenslange toegang en oop standaard moet hanteer word. Ses internasionale verskaffers het gereageer.

Digitale handtekening: IT het 'n versoek gefasiliteer vir digitale handtekeningoplossings vir 11 US-omgewings. Vier verskaffers het gereageer en 'n proses is aan die gang om die geskikste oplossings te kies en in werking te stel.

Konvokasievergadering: Verskeie moontlikhede vir aanlyn vergaderings met bepaalde vereistes – soos mosie-indiening gedurende vergaderings – is getoets en 'n produk is gekies. Vergaderingreëls sal in oorleg met die Registrateur hersien moet word om vir aanlyn verrigtinge voorsiening te maak.

1.18 Strategiese Fonds

In 'n groot belegging deur die Universiteit is altesaam **R342 miljoen in 2019 en 2020** aan nuwe Strategiese Fonds-projekte toegeken.

Die belangrike taak om aktiewe projekte te **moniteer** en gereelde terugvoer aan die Strategiese Fonds-komitee (SFK) te voorsien is een van die kernverantwoordelikhede van die Afdeling Strategiese Inisiatiewe. Terugvoer geskied deur middel van 'n jaarlikse formele **statusverslag**, wat die komitee in staat stel om hulle oorsigbestuursrol te vervul.

Die eerste verslag is op 29 September by die SFK ingedien. Hoewel die COVID-19-pandemie en landwye inperking 'n impak gehad het, kon **24 projekte** (23 in kategorie A, strategiese inisiatiewe, en een in kategorie B, strategiese uitstygprojekte) met **implementering** voortgaan – ofskoon met vertragings. Al die projekte in kategorie C (strategiese aanstellings) is **voltooi of aan die gang**. Dit bevestig alle projekbestuurders se toegewydheid om die doelwitte in hulle projekplanne te bereik.

Intussen het die proses begin vir die hersiening van ons **Strategiese Fonds-reglement**, wat in 2018 goedgekeur is. Die reglement maak voorsiening vir aansoeke in drie hoofkategorieë, waarvan een verder onderverdeel is. 'n Tydperk van aanpassing het na die inwerkingtreding van die reglement gevolg, sowel as 'n proeffase om die prosesse van die Strategiese Fonds te evalueer. Die doel met die huidige hersiening is om te sorg dat die lesse wat geleer is, ontleed word en dat die reglement gewysig word waar dit nodig is. Die proses sal in November afgehandel word sodat die hersiene reglement aan die begin van 2021 kan in werking tree.

1.19 Verfyning van strategiese bestuursaanwysers

Om ons huidige stel strategiese bestuursaanwysers (SBA's) verder te verbeter, het die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur in die verslagtydperk omvattende oorlegpleging met dataeiens en/of dekane gekoördineer. Die doel was om historiese ontledings uit te voer wat as aanvullende konteks kan dien vir die **verbetering van bestaande SBA-definisies** sowel as datagehalte, -volledigheid, -gepastheid en -beskikbaarheid. Die span het ook SBA- en kernprestasieaanwyser- (KPA-)template met onderliggende data ontwikkel om **fakulteite en departemente maklike toegang** tot inligting te bied. Die template is sedertdien onder dekane versprei om as bestuursinligting gebruik te word.

1.20 Matiewinkel

Die Matiewinkel, wat onder Innovus val, het sy reeks US-handelsware op [Takealot](#) uitgebrei om dit vir personeellede, studente, alumni en vriende van die Universiteit oral in die land toeganklik te maak. Handelsware sluit in klere, sakke, waterbottels, toeritslêers, penne en sleutelhouers. Bykans 30 kiste van die spesiale Eeufeeswyn, 'n Welgevallen-pinotage, is gedurende die inperking op hierdie platform verkoop, toe regulasies oor alkoholverkope verslap is.




1.21 US-maatskappyegroep

Ondanks die COVID-19-inperking het die US se tegnologieoordragspan in 2020 **vyf nuwe afwentelmaatskappye** gestig en **R26 miljoen** se beleggings vir US-projekte bekom – alles terwyl hulle van die huis af gewerk het. Vergeleke met internasionale standaarde is dit uitmuntend. Die nuwe maatskappye is **BioCODE**, **Phagoflux**, **Susento**, **Biotikum** en **Immobazyme**.

Die US-maatskappyegroep bestaan tans uit **28 aktiewe maatskappye** in verskillende ontwikkelingsfases, waarvan verskeie selfs vanjaar ondanks die pandemie kon dividende uitbetaal.

Aandeelhouing in US-afwentelmaatskappye word in **US Enterprises (Edms) Bpk** gehou, wat voorheen as Innovus Tegnologieoordrag bekend was. Die naamsverandering is onlangs gedoen om die bedrywighede van die US-afdeling Innovus te skei van die beheermaatskappy waardeur die US aandele in sy maatskappyegroep besit.

Die tydlyn hieronder toon hoe ons afwentelmaatskappye die afgelope twee dekades gegroei het.



1.22 Jaarlikse eksterne oudit van personeel- en studentedata

Vanjaar se eksterne oudit van die US se studente- en personeedata vir 2019 is teen die einde van Augustus afgehandel, wat effens later is as gewoonlik. Die oudit, wat vroeg in Junie begin het, is deur 'n nuwe ouditfirma en -span onderneem. Dit, tesame met die impak van die COVID-19-bepelkings, het tot die verbraging bygedra. Nietemin het die US weer 'n **skoon ouditverslag** ontvang, met geen feitelike bevindinge in stryd met ouditvoorskrifte en/of DHOO-regulasies nie.

TEMA 2 : 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor 'n **transformerende studente-ervaring**: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeiegeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

2.1 Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld doen verslag

Die gesamentlike werkgroepe wat verlede jaar op die been gebring is om geslagsgebaseerde geweld by ons instelling uit te roei, het hul werk voltooi en 'n **finale verslag** uitgebring. Dit lê die grondslag vir alle belanghebbers om saam vorentoe te beweeg teen hierdie plaag op ons kampusse en in die breër samelewing.

Die verslag herbeklemtoon die Universiteit Stellenbosch (US) se **zero-toleransie** benadering tot geslagsgebaseerde geweld en dat ons daartoe verbind is om 'n omgewing en institusionele kultuur sonder geslagsgeweld te skep wat **gelyke regte** en **sosiale geregtigheid** vir almal bevorder. Ons veroordeel geslagsgebaseerde geweld en sal dit nie duld nie, en daarom werp ons alle beskikbare hulpbronne in die stryd om dit uit te roei.

Kom ek skets vinnig die agtergrond. Ná landswyse protes teen geslagsgebaseerde geweld in 2019, het die beweging teen geslagsgebaseerde geweld by die US 'n **versoekskrif** aan die bestuur oorhandig waarop ons **gereageer** her. In daaropvolgende vergaderings is **ses gesamentlike werkgroepe** op die been gebring om sistemies op te tree om geslagsgebaseerde geweld te uit te roei en om die kwessies wat in die versoekskrif asook in die US-bestuur se antwoord geopper is, aan te spreek.

'n Lid van die Rektoraat het in elk van die ses werkgroepe gedien, wat voorts bestaan het uit verteenwoordigers van Universiteitstrukture wat met die onderwerpe onder bespreking gemoeid is, sowel as lede van die studentegemeenskap. Die werkgroepe het via **dr Choice Makhetha**, Senior Direkteur: Studentesake, aan die Rektoraat verslag gedoen.

Die onderskeie groepe se werk het gehandel oor (1) **waardes en beginsels**, (2) **prosedures en prosesse**, (3) **koshuise en strukture**, (4) **geestesgesondheid en alkohol- en middelmisbruik**, (5) **opleiding en bewusmaking**, en (6) **veiligheid en sekuriteit**. Die groepe het opdrag ontvang om die kwessies te ondersoek en aan te dui hoe dit die Universiteitsgemeenskap nadelig raak wat geslagsgebaseerde geweld betref. Hulle is ook versoek om spesifieke en werkbare aanbevelings te doen wat met lynfunksies verband hou.

Die werkgroepe het inligting ingesamel deur **vergaderings** en **gespreksforums** op die Stellenbosch- en Tygerbergkampus te hou en **vraelyste** te versprei. Die proses is ook uitgebrei deur alle studente en personeellede te nooi om **skriftelike insette** te lewer.

'n **Voorlopige** verslag is aan die Rektoraat voorgelê, waarop ons terugvoer gegee het, gevolg deur die finale verslag wat sedertdien tot 'n **konsep-aksieplan** verwerk is met die doel om geslagsgebaseerde geweld by die US sistemies in die kort- tot mediumtermyn aan te spreek.

Die finale verslag en konsep-aksieplan sal met institusionele liggame en ander betrokke rolspelers **bespreek** word sodat die spesifieke detail oor **inwerkingstelling**, insluitende **tydsraamwerke**, **gefinaliseer** kan word. Albei dokumente sal dan op die US-webwerf gepubliseer word.

Hierdie werk sal deur verskillende verantwoordelikhedsentrums (VS'e) by die Universiteit gedoen word en sal by die verskillende **bedryfsfasette** van ons instelling **geïntegreer** word. Gereelde vorderingsverslae sal aan die Rektooraat voorgelê word.

Ek moet egter beklemtoon dat die bekamping van geslagsgebaseerde geweld die **gesamentlike verantwoordelikheid** van die hele US-gemeenskap is. Soos die inleiding tot die verslag sê, is hierdie stryd nie een wat enige groep op sy eie of afsonderlik van ander kan stry nie. Die inwerkingstelling van die aksieplan sal op 'n deurlopende grondslag gemonitor word en die Universiteitsgemeenskap sal op hoogte gehou word van vordering.

Die breër konteks van ons stryd teen geslagsgebaseerde geweld word deur die Grondwet van Suid-Afrika, die Wet op Hoër Onderwys, ander toepaslike wetgewing en die huidige US-statuut (wat in 2019 gepubliseer is) verskaf. Die Suid-Afrikaanse regstelsel is verantwoordelik vir die hantering van kriminele prosedures ingevolge toepaslike wetgewing.

Die US het opvoedkundige en veiligheidsmaatreëls om geweld sover as moontlik te bekamp. Die Universiteit het die mandaat om in ooreenstemming met ons **Dissiplinêre Kode vir Studente**, die **Beleid op Onbillike Diskriminasie en Teistering**, die **Beleid oor die Gebruik van Alkohol**, asook verwante prosesse op te tree. Dit sal alles hersien word met betrekking tot die voorstelle en tekortkominge wat in die verslag van die gesamentlike werkgroepe uitgewys is, asook die sleutelbeginsels van die DHOO se [beleidsraamwerk om geslagsgebaseerde geweld aan te spreek in die naskoolse onderwys- en opleidingstelsels](#) wat onlangs verskyn het.

Al ons aksies is ingebed in ons **institusionele waardes** van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid. Ons is gekant teen alle vorms van skade aan die waardigheid en welstand van individuele lede van ons Universiteitsgemeenskap.

Terwyl ons kontekstuele verskille erken, sal die US daarna streef om **gelykwaardigheid** op al ons **kampusse** te verseker deur die inwerkingstelling van verskeie maatreëls wat uit die aksieplan voortspruit ten einde alle vorms van geslagsgebaseerde geweld en ongelykheid uit te roei.

Ek wil by dr Makhetha aansluit deur my **dankbaarheid** teenoor al die personeel en studente wat in die werkgroepe gedien het, uit te spreek. Ons waardeer die werk wat gedoen is om nie net kwessies en griewe te lug nie, maar ook opbouende voorstelle aan die hand te doen. Ons bly **verbind** om met ons studente en personelede saam te werk om ons institusionele pogings teen geslagsgebaseerde geweld te versterk, en om onaanvaarbare gedrag en praktyke uit te roei.

2.2 Studenteraad (SR)

Die Eenheid vir Studentebestuur in die **Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSLEOB)** het oriënteringsopleiding en oorhandigingsprosesse vir die nuwe SR en Tygerbergstudenteraad (TSR) gefasiliteer. Die SSLEOB was voorheen bekend as die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture in die Afdeling Studentesake.

Die opleidingsprogram het vanjaar onder meer klem gelê op die werk van die IKBV. Dit is immers noodsaaklik dat ons studenteverteenwoordigers die funksionering van hierdie belangrike struktuur verstaan sodat hulle met hulle voorgangers se werk in die verskillende IKBV-werkstrome kan voortgaan.

Die US Statuut maak voorsiening vir die SR as die liggaam wat die studentegemeenskap se belange verteenwoordig. Daarbenewens bied die Statuut studente formele verteenwoordiging in die US se statutêre liggame – die **Institusionele Forum**, **fakulteitsrade**, die **Senaat** en die **Raad**. Dít geskied deur middel van verteenwoordigers wat die SR uit die groot studentegemeenskap kies. By die skryf

van hierdie verslag was Studentebestuur en die Registrateursafdeling besig om die studenteverteenwoordiging in die verskillende statutêre liggame af te handel.

Die gereelde geskeduleerde vergaderings tussen die Rektooraat en die Uitvoerende Komitee van die SR sal ook voortgaan. Enige kwessie kan by hierdie vergaderings geopper en bespreek word en die lede van die Uitvoerende Komitee word aangemoedig om die studentegemeenskap van terugvoering te voorsien.

2.3 Dell Young Leaders-program

Die US het in 2019 aansoek gedoen om aan die Dell Young Leaders-program deel te neem. Hierdie inisiatief bied aanvullende steun vir voorgraadse studente uit lae-inkomste-omstandighede. Die steunaanbod sluit **finansiële bystand** sowel as **akademiese en psigososiale steun** in om studente tot by gradedag én in 'n betrekking te kry.

Die US is vroeër vanjaar uiteindelik ná etlike keuringsrondtes as 'n vennoot gekies (lees die aankondiging [hier](#)). Die **Michael & Susan Dell-stigting (MSDF)** het **R191 miljoen** aan hierdie program toegesê, waarmee **1 000 US-studente** oor die volgende **vyf jaar** bygestaan sal word. Die langtermynverbintenis wat die US ontvang het, is vir ten minste tien jaar. Die **Raad** het onderneem om die aanvullendebeurskomponent van die pakket, wat R75 miljoen beloop, te ewenaar.

Die MSDF het nou die proses aangevoer om die **eerste kohort** van ons studente vir die program te identifiseer. Ons moes in ons aansoek uitvoerige data oor studente-inskrywings, akademiese prestasie (module-uitslae en -deursetsyfers) sowel as beurs- en studentegeldinligting vir verskeie professionele voorgraadse programme verstrek. Die Sentrum vir Bedryfsintelligensie (SBI) in die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het grotendeels op die SUN-i-bedryfsintelligensiestelsel staatgemaak om hierdie data te voorsien. Die SBI sal voortgaan om data beskikbaar te stel om die Dell Young Leaders-program by die US te ondersteun.

'n Lys moontlike kandidate uit wie die eerste kohort studente gekies sal word, is in September aan die stigting voorgelê. Akademiese vorderingsverslae oor die Young Leaders-begunstigdes sal voortaan ingedien word, soos wat MSDF vereis.

2.4 Topstudente vereer

Die US se topstudente in verskillende kategorieë is weer by die Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie vereer, wat vanjaar op 1 Oktober as 'n aanlyn geleentheid aangebied is.

Uit die 175 aansoeke en benoemings is 76 uiteindelik gekies om toekennings te ontvang. Die meeste toekennings was vir **akademie** (54, insluitend nege topmagisterstudente), terwyl altesaam 22 pryse in die kategorieë **leierskap**, **sosiale impak**, **kultuur** en **diensverskaffing** toegeken is. Van die ontvangers verskyn in die collage hieronder. Radio- en televisieaanbieder Renaldo Swartz het die SR se toekenning vir uitsonderlike alumni van die uittredende SR-voorsitter Lewis Mboko ontvang. [Klik hier](#) vir 'n volledige lys van die prysweners, en [hier](#) vir 'n video van die geleentheid.



Ek het in my openingsrede uitgewys dat studentesukses reeds sedert die aanvang van my eerste termyn in 2015 een van my prioriteite is. Maar nes daar geen universiteit sonder studente sal wees nie, sal daar ook nie een sonder personeellede wees nie. Uiteindelik het ons mekaar dus nodig om die verskeie geleenthede wat die hoër onderwys bied so goed moontlik te benut.

2.5 Studente-innovasie en -entrepreneurskap aangemoedig

Die **wêreld ná COVID-19** sal heelwat innovasie en entrepreneurskap verg om by ons nuwe normaal aan te pas. Om Maties toe te rus om deel te wees van die oplossing, het die US onlangs twee geleenthede aangebied om ondernemingsgees in sy studente aan te wakker.

Innovus, ons tegnologieoordragkantoor, het oor die naweek van 31 Julie tot 2 Augustus sy jaarlikse **US-tegnothon** aanlyn aangebied. Die tema was om oplossings te ontwikkel om kleinsake doeltreffend in die nuwe afstandseconomie te help funksioneer. Meer as 80 deelnemers het om hulle deel van die prysgeld van R30 000 meegeding met innovasies op die terrein van onderskeidelik datawetenskap en finansiële tegnologie (“finteg”). Die borge was **Capitec, Entersekt en Explore**.




Die wenspan van die **datawetenskapuitdaging, Designated Drivers** (sien hierbo), het vorendag gekom met ’n toepassing getiteld **CAPITEC/AIR**, wat kleinsake geoutomatiseerde bedryfsverslae bied om hulle beter aankoopbesluite te help neem. Die weninskrywing in die **finteg-uitdaging** was dié van *Horizon 12* (sien links). Hulle mobiele toepassing genaamd Skillchain stel kleinsake in staat om beroepsongesertifiseerde werkers vir die formele ekonomie te werf deur van slimkontrakte en blokkettingtegnologie gebruik te maak.

Daarbenewens het die Universiteit Stellenbosch **LaunchLab** vroeër vanjaar die US se interne rondte van die jaarlikse tussenuniversiteitswedstryd **Entrepreneurskapsontwikkeling in die Hoër Onderwys (EDHE)** aangebied. Weninskrywings uit hierdie aanvanklike rondte – wat by Maties as **IdeaSmash** bekend is – dring deur om die US in die provinsiale en nasionale rondtes te verteenwoordig.

Agt finaliste is uit die 46 inskrywings gekies. Hulle blink en **vernuwende idees** het gestrek van ’n blitsvinnige geskenkafleweringdiens en ’n draagbare tuin wat homself natlei, tot videogebaseerde ekstra klasse, diereprobiotika en vanlyn (“offline”) banksagteware. Al agt het in die eerste week van Julie uitmuntende voorleggings by die aanlyn provinsiale geleentheid gelewer.

Die US se Keaton Harris (regs), ’n mediese student van Tygerbergkampus, is as die provinsiale wenner in die kategorie vir bestaande tegnologieondernemings aangewys. Sy innovasie, InforMed, is ’n **vanlyn mobiele gesondheidsorgvertaalinstrument** wat taahindernisse tussen gesondheidswerkers en pasiënte uit die weg ruim. By die skryf van hierdie verslag sou hy die US in November in die nasionale rondte verteenwoordig. Boonop ontvang Keaton en sy US-medefinaliste elk hulle deel van R60 000 in aanvangsfinansiering om hulle sake-idees verder uit te bou.



2.6 Skaak, Mat(ies)!



Danksy uitstekende belanghebbendeskakeling het afrigter Reuben Salimu dit bewerk dat Maties Skaak 'n **aanlyn nasionale wedstrydliga** kon aanbied terwyl COVID-19-beperkings ander sportsoorte gestrand gelaat het. Die toernooi was oop vir alle skool- en universiteitskaakklubs, en **44 spanne** het uiteindelik deelgeneem.

Die geleentheid is in vennootskap met 'n aanlyn skaakplatform aangebied. Wedstryde is tien weke lank elke Woensdag regstreeks oor die internet uitgesaai met 'n seremoniemeester, moderator en twee kommentators. Die kykertaal was meer as 1 000 en het stelselmatig aangegroei namate die liga die finale uitkloprondte van 16 spanne genader het.

As gevolg van die publisiteit wat die geleentheid ontvang het, het verskeie groepe in plaaslike gemeenskappe na Maties Skaak uitgereik vir hulp om hulle eie klubs op die been te bring. Dít is 'n uitmuntende uitkoms wat die US se **sosiale impak** sal versterk. Die US spog met **SA se huidige senior skaakkampioen, Daniel Barrish**, 'n Rekenaarwetenskap-eerstejaarstudent. Hy het die titel in Desember 2019 op die ouderdom van 19 gewen. Ons is baie trots op hom!

2.7 Eerste aanlyn Internasionale Week

US Internasionaal het van 12 tot 16 Oktober sy eerste aanlyn Internasionale Week aangebied. Die doel was om **studente** aan te moedig om in 2021 die beskikbare fisiese én aanlyn **mobilitateitsgeleenthede** te benut.

Elke dag het 'n bepaalde tema gehad waaroor die verantwoordelike koördineerder 'n aanbieding gedoen en 'n MS Teams-paneelbespreking met studente gefasiliteer het. Alle sessies is opgeneem en op die [Internasionale Week-webtuiste](#) geplaas om asinchrone deelname moontlik te maak.

Vennootinstellings is versoek om promosiemateriaal te voorsien wat ter voorbereiding vir die laaste dag se regstreekse vraag-en-antwoordsessies met vennootuniversiteite onder studente versprei is. Hierdie sessies het direkte skakeling tussen belangstellende studente en verteenwoordigers van meer as 30 vennote gefasiliteer. Verskeie wedstryde het studentedeelname aangemoedig, en die program het selfs 'n interaktiewe aanlyn Chinese kookklas deur die Confucius-instituut ingesluit.

US Internasionaal het ook 'n proses van stapel gestuur om 'n [hibridiese mobiliteitsnaaf](#) te ontwikkel om in die toekoms virtuele studente-uitruilgeleenthede te ondersteun. Die naaf is 'n aanlyn steunstruktuur vir personele, studente en vennootuniversiteite wat aan hierdie tipe geleentheid deelneem. Virtuele uitruilaksies sal in 2021 op die proef gestel word, en sal voorafgegaan word deur opleidingsgeleenthede vir akademiese personeel in samewerking met die Afdeling Leer- en Onderrigverryking.

2.8 Koshuisplasing

Koshuisplasing word gewoonlik teen die einde van September afgehandel. Weens die COVID-pandemie en die gevolglike IKBV-besluit dat HEMIS nie in 2021 gebruik sal word om koshuishertoelating te bepaal nie, het die getal beskikbare koshuisplekke vir die eerstejaarinname van 2021 met 20% afgeneem. Die plasingssiklus is boonop deur die verlenging van die besprekingstydperk geraak. Studente sal dus na verwagting eers in **November** geplaas word.

2.9 Beurse

Werwingsbeursprojek

Die US se werwingsbeurs finansier die studie van akademies verdienstelike bruin, swart, Indiër- en Asiër- (BSIA-) kandidate. Beursaanbiedinge is fakulteitspesifiek en neem die akademiese samestelling van die aansoekerpoel in ag.

Altesaam 216 beurse is met die oog op **2021** toegeken, waarvan **195 aanvaar** en 21 van die hand gewys is. Alle beurse wat nie aanvaar is nie, sal aan ander verdienstelike studente toegeken word.

Interessantheidshalwe het kandidate wat die aanbod van die hand gewys het, gesê:

- hulle kan die US se fooie bekostig, en is van plan om in te skryf, so die beurs kan gaan aan kandidate met groter finansiële nood;
- hulle verkies om nader aan die huis en familie te studeer;
- hulle het besluit om 'n aanbod van 'n ander universiteit te aanvaar; of
- 'n graadprogram aan 'n ander universiteit is meer gepas vir hulle beoogde loopbane.

Ikusasa-finansiële hulpprogram vir studente

Die Ikusasa-finansiële hulpprogram vir studente (ISFAP) is geskep as 'n finansieringsmodel om die hoëronderwyskoste van Suid-Afrikaanse studente uit arm huishoudings en die ontbrekende middel te dek (onderskeidelik diegene in die huishoudelike inkomstekategorieë tot en met R300 000 en R600 000). Die program finansier opleiding vir beroepe waarna daar 'n groot vraag bestaan en wat as noodsaaklik vir die land se ekonomiese ontwikkeling geïdentifiseer is.

Die US het gedurende 2020 'n derde toekenning van ISFAP-volkostebeurse ontvang. Altesaam 37 aanbiedinge is aan US-eerstejaars gemaak en **tien** studente het dit **aanvaar**. Die 27 studente wat die beurse van die hand gewys het, het reeds ander beursbystand ontvang.

2.10 Studentewerwing

Skakeling met skole en leerders

Weens die COVID-19-pandemie moes ons Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, in samewerking met Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking, noodgedwonge na nuwe en innoverende maniere soek om waarde vir leerders, ouers en opvoeders te skep.

Ons span raadgewers het hulle aanbod van persoonlike tot **aanlyn skakeling** verander, selfs al het nie alle skole toegang tot aanlyn hulpbronne nie. Die Sentrum se aanlyn aanbod bestaan uit vooraf opgeneemde video's en antwoorde op gewilde vrae. Platforms soos MS Teams, Zoom en Google Meet stel raadgewers in staat om met skoolaanbiedings of uitstallings voort te gaan en die Sentrum in kontak met leerders, ouers en opvoeders te hou, ofskoon nie fisies nie.

Die Sentrum het ook met die **Kaapse Loopbaanuitstallingsvereniging** saamgewerk aan 'n gesamentlike digitale bemakingstrategie (web, sosiale media en YouTube) omdat ook hulle aktiwiteite na die kuberruim moes verskuif. En in vennootskap met die Wes-Kaapse Departement van Onderwys het die Sentrum deelgeneem aan 'n **Lewensoriëntering**-webinaar vir leerders in graad 11 en 12, hulle ouers en onderwysers.

Daarbenewens het die Sentrum **webinare** aangebied met die oog op graad 9's ("Verstaan hoe jou vakkeuses jou toekomstige loopbaan kan beïnvloed") en graad 11's ("Wat die US van die res onderskei, en hoe die aansoekproses werk") om leerders en hulle ouers besluite te help neem.

Die fooi vir die Sentrum se **psigometriese assesseringsdiens** vir voornemende leerders is verlaag om ouers tegemoet te kom wat weens COVID-19 finansiële swaarkry. Daar is ook 'n gratis loopbaanvoorligtingsprogram beskikbaar. Teikenskole is ook van volledige terugvoer en data oor voorlopig aanvaarde leerders voorsien.

Verhoudingsbou

Ons Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies het met fakulteite en die res van Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking saamgewerk om op 29 Oktober die eerste aanlyn weergawe van **Maties 101** aan te bied. Soos die naam aandui, is dié geleentheid 'n bekendstelling aan Maties waar voorlopig aanvaarde studente waardevolle inligting ontvang om hulle oorgang na

die universiteitslewe te vergemaklik, wat veral belangrik sal wees vir die inname van 2021. Dít is een van die instrumente wat ons gebruik om voornemende studente aan te moedig om in te skryf.

Maties 101 het vorige jare uit twee geleenthede bestaan wat in onderskeidelik Johannesburg en Stellenbosch aangebied is, maar het nie alle voorlopig aanvaarde studente bereik nie. Die nuwe formaat verbreed die reikwydte van die inisiatief (sien hieronder, syfers soos op 2 November 2020).

Die geleentheid is vanjaar vooraf opgeneem, en het uit een algemene en nege fakulteitsvideo's bestaan. Skakels is aan alle voorlopig aanvaarde studente en hulle ouers gestuur sodat hulle toegang kon kry toe die insetsels die eerste keer uitgesaai is. Die skakels bly egter aktief, so diegene wat in daardie stadium nie genoeg data gehad het nie kan steeds die video's kyk sodra hulle internettoegang kry, byvoorbeeld by 'n skool of biblioteek.

VIDEO (klik om te kyk)	KEER GEKYK	VIDEO (klik om te kyk)	KEER GEKYK
Algemeen	7 618	Ingenieurswese	322
AgriWetenskappe	783	Regsgeleerdheid	515
Lettere en Sosiale Wetenskappe	1 000	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	315
Opvoedkunde	336	Natuurwetenskappe	1 000
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 700	Teologie	101

2.11 Scenariobeplanning vir inname 2022

Die aansoektydperk vir voorgraadse aansoeke met die oog op 2022 sal van 1 Maart tot 30 Junie 2021 na **6 April tot 31 Julie** verskuif word om die administratiewe prosesse te stroomlyn ten einde met die nasionale aansoeksiklus te strook.

Graad 11-jaareinduitslae (wat in **2020** behaal is) sal steeds as die primêre akademiese oorweging vir voorlopige aanbiedinge dien. Omdat hierdie eksamens egter weens COVID-19 in die gedrang kan kom, sal aansoekers hulle **graad 12-halfjaaruitslae** (wat in **2021** behaal word) kan indien as hulle graad 11-eksamens inderdaad geraak is. Bevestiging van geaffekteerde skole sal as deel van die aansoekvereistes versoek word.

Nasionale normtoetse (NNT's) sal **nie** as 'n **verpligte** institusionele instrument vir toelatingsdoeleindes gebruik word nie, want dít sal heelwat van ons aansoekers uitsluit. Nietemin is daar twee uitsonderings, naamlik (i) hoogs selektiewe programme, soos dié in die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sowel as Regsgeleerdheid, wat dalk steeds die NNT's vir die inname van 2022 wil gebruik, en (ii) School of Tomorrow-kandidate wat by enige US-fakulteit aansoek doen, wat ook die NNT's sal moet aflê.

TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk met belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid.”

3.1 Sosiale Impak-simposium

Die Afdeling Sosiale Impak het op 3 September sy jaarlikse Sosiale Impak-simposium aanlyn aangebied. Personeellede, studente en eksterne vennote het ingeskakel.

Die hoofdoel was om die **uitwerking van COVID-19** op sosiale impak in sowel plaaslike as internasionale verband te bespreek. Simposiumdeelnemers het ondersoek ingestel na die uitdagings wat praktisyns en gemeenskappe in dié tyd ondervind, en gesels oor die geleenthede wat die krisis geskep en die lesse wat dit hulle geleer het.

Dr Leslie van Rooi, senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie, het die simposiumprogram gelei en van die vernaamste projekte uitgelig waarby die US tydens COVID-19 betrokke was.

Een van die groot projekte waartoe die US bygedra het, is die bystandsaksiegroep **#StellenboschUnite**, wat aan die begin van die pandemie gestig is om gemeenskappe by te staan wat deur die krisis geraak word. Ander vennote in hierdie inisiatief is Stellenbosch Munisipaliteit, Visit Stellenbosch, die Stellenbosse netwerk vir burgerlike voorspraak (SCAN) en die Groter Stellenbosch-ontwikkelingstrust.

Die US het R1,6 miljoen bygedra – net meer as ’n derde van die totale geldelike skenkings wat #StellenboschUnite ontvang het. Meer as 33 000 kospakkies en byna 100 000 liter sop is aan kwesbare huishoudings en individue voorsien.

Vir meer inligting, besoek gerus [die US se Sosiale Impak-webtuiste](#).

3.2 Sosiale Impak-publikasie

Ons Afdeling Sosiale Impak het in September *Sosiale Impak @ Universiteit Stellenbosch 2019* uitgegee – ’n inspirerende versameling suksesverhale oor samewerking tussen die Universiteit en verskeie gemeenskappe verlede jaar.

Die publikasie handel oor US-wye bydraes tot die Universiteit se [sewe sosiale-impaktemas](#). Dié temas strook met die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan sowel as die strategiese doelwitte van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering.

Die boek bevat ook artikels oor Matie Gemeenskapsdiens, ’n innoverende benadering om tikmisbruik te bestry, die Kayamandi-riviervennootskap, ’n skooltuinbouvennootskap, jeugentrepreneurskap, en TB-bewusmaking deur hiphop- en rapmusiek.

Klik hier vir die [Afrikaanse](#) uitgawe aanlyn, en hier vir die [Engelse](#) weergawe.

3.3 Eksterne transformasievennootskappe en -netwerke

Gesprek oor transformasie

Ons Transformasiekantoor is ’n koördineringsvennoot van die [Inklusiewe Praktyk-sprekersreeks](#), ’n samewerkingsprojek tussen die US, die Universiteit van Kaapstad (UK) en die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT). Die doel van die seminaarreeks is om sinvolle gesprek oor transformasiepraktyk tussen universiteite, die burgerlike samelewing, sake en die regering aan te moedig. ’n Seminaar getiteld “Beyond task teams, investigations and transformation committees: Confronting Racism in Higher Education?” is op 31 Augustus aanlyn aangebied. Die sprekers was proff Thabo Msibi (UKZN), Nomusa Makhubu (UK) en Desiree Lewis (UWK). Dr Asanda Benya (UK) het as moderator opgetree. [Klik hier vir ’n opname](#).

Transformasiebestuurdersforum- (TBF-)kollokwium

Die Transformasiekantoor help koördineer ook die nuwe **Transformasiebestuurdersforum- (TBF-)kollokwium**, wat die vorm aanneem van seminare elke Vrydagoggend. Die gedagte is om transformasiepraktyksyns, amptenare en akademici van hoëronderwysinstellings byeen te bring. Die kollokwium draai om die kategorieë van die [Transformasiebarometer](#), ’n rigsnoerdokument

vir transformasiepraktyk in Suid-Afrikaanse hoër onderwys. 'n Seminaar op 2 Oktober het oor institusionele kultuur gehandel. Prof Rozena Maart (UKZN) het 'n aanbieding gedoen en TBF-voorsitter mnr George Mvalo was die fasiliteerder.

3.4 Ooreenkomste en skakeling met vennootinstellings

Die volgende ooreenkomste is in die tydperk Aug tot Okt met vennootuniversiteite aangeaan:

Instelling	Land	Status	Inhoud	Tipe
Universiteit van Bern	Switserland	Nuut	Somerskool	Institusioneel
Universiteit van Passau	Duitsland	Nuut	Studentemobiliteit	Fakulteit
Universiteit van Wes-Virginië	VSA	Hernuwing	Memorandum van verstandhouding, waaronder studente-uitruil	Institusioneel
George Mason-universiteit	VSA	Nuut	Studente-uitruil	Institusioneel

Die US het sy eksterne verhoudinge en vennootskakeling voortgesit deur aanlyn kontak, bilaterale navorsingsgerigte vergaderings en virtuele afvaardigingsbesoeke. Sodoende is die COVID-19-reisverbod oorkom. Besonderhede van onlangse skakeling volg hieronder.

Universiteit van Leiden: Die US en die Universiteit van Leiden is al sedert 1992 vennote, met sterk bande op die gebied van die regsgeleerdheid. Die vennootskap konsentreer hoofsaaklik op studentemobiliteit. 'n US Internasionaal-vergadering met Leiden-eweknieë op 17 Augustus het gehandel oor die uitdagings verbonde aan COVID-19, sekere tegniese en administratiewe aspekte van studente-uitruilgeleenthede, en verdere steun vir gesamentlike PhD's en personeelmobiliteit.

Hamburgnetwerk: Die US en ander vennote van die Universiteit van Hamburg is genooi om deel te neem aan 'n webinarreeks as deel van die Hamburgnetwerk-vergaderings, wat in 2020 na die kuberruim moes verskuif. Die US, Northwestern-universiteit en die Universiteit van Hamburg het op 10 September ontmoet vir 'n nabetragtingssessie en om die pad vorentoe te bespreek.

Internasionale Netwerk van Universiteite: Ook op 10 September het US Internasionaal met die Internasionale Netwerk van Universiteite (INU) ontmoet om die US se deelname aan hierdie struktuur te bespreek. Weens COVID-19 het ons vanjaar slegs waarnemerstatus, maar planne is op dreef om volgende jaar ons volle lidmaatskap te aktiveer.

TU Dresden: Waternavorsers van TU Dresden en eweknieë van die US Waterinstituut het op 15 September ontmoet. Die doel was om sinergieë en gesamentlike navorsingsaktiwiteite vir moontlike samewerking te identifiseer. Opvolgvergaderings met kleiner, tematiese navorsingsgroepe is voorgestel, sowel as die identifisering van moontlike versoeke vir finansieringsvoorstelle om op te reageer.

Universiteit van Leipzig: Die US neem deel aan verskeie deurlopende aktiwiteite met die Universiteit van Leipzig, wat sedert 1998 een van ons vennote is. Kontak is op 28 September bewerkstellig om die band tussen die twee instellings te handhaaf. Die vergadering het op virtuele en hibriede mobiliteit, geleenthede vir samewerkende aanlyn internasionale leer ("COIL") en gesamentlike finansiering gekonsentreer. Die US is maar nog 'n groentjie wat COIL-projekte betref, maar Leipzig is gretig om die ervaring wat hulle al op hierdie gebied opgedoen het met ons te deel. Geleenthede vir gesamentlike onderrig in somerskoolprogramme is ook geïdentifiseer. Toekomstige gesamentlike finansieringsgeleenthede word ondersoek.

3.5 Intra-Afrika-mobiliteit

US Internasionaal se Centre for Collaboration in Africa (CCA) fasiliteer nuwe mobiliteitsprogramme, wat die Europese Kommissie as deel van sy finansieringsiklus vir 2019/20 ondersteun.

Die eerste program is **Intra-Afrika-onderwys vir Lasergebaseerde Vervaardiging** (“ELbM”), wat deur die Botswana Internasionale Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie gekoördineer word. Hierdie konsortium neem deel aan navorsingsamewerking en opvoedkundige uitreikaksies om nagraadse kurrikulums vir opleiding in lasergebaseerde vervaardigingstechnologie te ontwikkel wat relevant is vir die arbeidsmark. ELbM sal 53 mobiliteitsgeleenthede bied vir studente (sowel voltydse as uitruilgeleenthede op magister- en PhD-vlak) én personeel.

Die tweede program is **Intra-Afrikamobiliteit van Afrika-akademië vir Transformerende Ingenieursopleiding** (“MASTET”), wat deur die Universiteit van Buea in Kameroen gekoördineer word. MASTET bring hoërsonderwysinstellings met gevestigde nagraadse ingenieursweseprogramme byeen vir onderlinge steun, sinergie en vermoëbou om leemtes in ingenieursvaardighede en tegnologiese ontwikkeling in Afrika te help oorbrug. Hierdie projek ter waarde van €1,4 miljoen word vir vyf jaar (2020–2024) deur die Europese Unie gefinansier.

3.6 Alumniskakeling deur aanlyn geleenthede

Ons Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkings (OAB) het van 1 Julie tot 30 September ’n wye verskeidenheid aanlyn geleenthede aangebied. Sodoende kon alumni, skenkers en vriende van die Universiteit op verskillende maniere met die US kontak behou ondanks die impak van COVID-19. Die **verskuiwing na die kuberruim** het OAB die geleentheid gebied om hierdie aspek van ons uitreikwerk op ’n toegespitste en samewerkende manier te verbeter. Die Afdeling beplan om met die oog op 2021 voort te gaan met die ontwikkeling van ’n hibridiese model om sowel kontak- as aanlyn geleenthede by ons alumnikalender vir aanstaande jaar in te sluit.

Een van die hoogtepunte van die verslagtydperk was die bekendstelling van die Stellenbosse **vrouealumninewerk** SWAN as deel van Vrouemaand in Augustus, met dr Marlene le Roux (**sien ook 4.4**) as gasspreker. SWAN bring Matievroue deur mentorskapsprogramme, leierskapsopleiding, tafelrondebessprekings en strategiese gesprekke byeen. Altesaam 421 vrouealumni het vir die bekendstelling ingeskakel, die gewildste aanlyn geleentheid tot nog toe.

Breedgebaseerde alumnigerigte fondsinsamelingsveldtogte: OAB het in die verslagtydperk ’n aantal miniveldtogte op sosiale media gevoer wat ons alumni, skenkers en vriende van tersaaklike inligting oor die US se reaksie op COVID-19 voorsien het. Dit het ingesluit #MatiesMakeADifference, #Train4Fees en #MaskedMasterpieces. Die Afdeling beplan om die jaar af te sluit met die projek #Action4Inclusion in vennootskap met die navorsingsleerstoel in sosiale geregtigheid, die Afdeling Sosiale Impak en Transformasie, en die Registrateursafdeling.

Skenkerskakeling: Ons het in Oktober met ’n dankiesêveldtog vir skenkers begin om na ons getroue en toegewyde skenkersgemeenskap uit te reik. [Klik hier](#) vir my videoboodskap.

Fakulteitsalumniskakeling: OAB het op 30 September ’n aanlyn Alumnibetrekkings-fakulteitsforum aangebied, en sien daarna uit om verder met die fakulteitsvertegenwoordigers aan ons alumniskakelingskalender vir 2021 saam te werk.

Alumni- en skenkerkommunikasie: Alumni en skenkers kon in die verslagtydperk hulle intekening op verskeie kommunikasiestukke aanvaar of van die hand wys, soos wat die bepalinge van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) vereis. Teen 30 September het 1 082 individue die hiperskakel “Werk jou besonderhede by” gebruik om hulle intekening te bestuur. Meer as 50 massa-e-posse is aan verskeie alumnigroepe gestuur.

3.7 Woordfees, WOW en US Koor

Weens die ontwrigting as gevolg van die COVID-19-pandemie en ’n aantal bykomende logistieke faktore, sal dit nie meer moontlik wees om volgende jaar se **Toyota US Woordfees** van vroeg in Maart aan te bied, soos wat die oorspronklike plan was nie. Daarom is ’n besluit geneem om die geleentheid na **17–24 September 2021** te verskuif.

WOW- (Woorde Open Wêreld-)aktiwiteite moes ook vanweë die pandemie afgeskaal word. Die jaarlikse spelfees het in Oktober aanlyn verskuif en die WOW-teaterfees sal ook in die kuberruim plaasvind. Die program het boonop die WOW Klaskamers-platform bekend gestel om graad 12-leerders vir die eindeksamen te help voorberei. Meer as 50 onderwysers het lesse spesifiek vir hierdie platform voorberei.

Die **US Koor** het in die verslagtydperk die volgende uitvoerings op hulle [YouTube](#)-kanaal beskikbaar gestel: [Joshua!](#), [De Profundis](#), [Salve Regina](#), [Angel](#), [I Lived](#) en [The Rainmaker](#).

3.8 ‘Gesonde’ vennootskappe

Ons Kampusgesondheidsdiens (KGD) en Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde het kragte saamgesnoer om die **Stellenbosch-sokkerklub** (SSK) van sportgeneeskundige dienste te voorsien. Die SSK speel in die Premiersokkerliga (PSL) en word by die Stellenbosse Sportakademie (SAS) gehuisves. Hierdie verhouding bied ons KGD-sportdokters die geleentheid om spelers se veilige terugkeer na mededingende sport ná die COVID-19-onderbrekings te bestuur. KGD sal ook mediese noodbystand voorsien by alle PSL-kragmetings wat plaasvind by ons Danie Craven-stadion, synde die nuwe wedstrydruimte van die SSK.

KGD help skep ’n fisioterapiepraktyk by die **Wynland Ortopediese Hospitaal** saam met SAS-fisioterapeute sowel as konsultante van die Instituut vir Ortopedie en Rumatologie. Dít bied ’n unieke platform vir kliniese navorsing en opleiding. Die eerste fase – die ontwikkeling van protokolle, prosesse en opleiding – is reeds voltooi.

TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee ’n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder ’n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as ’n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne ’n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook ’n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as ’n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep ’n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde ’n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

4.1 Bykomende steun vir noodafstandsonderrig, -leer en -assessering by die US

Ons is bevoorreg om aansienlike finansiering te kon ontvang om noodafstandsonderrig, -leer en -assessering by die US te ondersteun. Die finansiers is die **Michael & Susan Dell-stigting**, die **Oppenheimer-gedenktrust** en die **Harry Crossley-stigting**.

Die doel is om te sorg dat ons studente die beste moontlike ondersteuning ontvang vir voortgesette akademiese sukses in die akademiese jaar 2020, wat ernstig deur COVID-19 geraak is.

Die finansiering stel die Universiteit in staat om ’n verskeidenheid **buitengewone intervensies** vir **omvattende akademiese en psigososiale studentesteun** aan te bied. Die projek is geleë in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking (ALOV) en staan onder leiding van dr Antoinette van der Merwe, met bystand deur me Anneke Müller en me Christina Harvett.

Met die finansiering wat bewillig is, kon die US in die tweede semester sy aanlyn steun op die volgende maniere uitbrei:

- Bystand vir dosente met die ontwerp van aanlyn onderrig
- Die ontwikkeling van aanlyn hulpbronne vir dosente
- Die koördinerende van bykomende tutoraktiwiteite in fakulteite
- Die voorsiening van bykomende steun vir tutors
- Die voorsiening van bykomende tutorsessies vir studente, hetsy individueel of in groepe
- Bykomende taalsteun vir studente
- Uitgebreide tegniese steun vir dosente en studente
- Akademiese voorligtingsteun
- Psigososiale ondersteuning

Die projek bied fakulteite en PASD-omgewings uiters nodige **bykomende vermoë** om studente doeltreffend te ondersteun nou dat hierdie **veeleisende jaar** sy einde nader. 'n Byvoordeel is dat die aanlyn hulpbronne wat ons nou ontwikkel relevant en beskikbaar sal bly vir **toekomstige gebruik**.

Die dienste word deur **14 US-omgewings** beskikbaar gestel (al ons fakulteite buiten Krygskunde, sowel as die ALOV, die Sentrum vir Onderrig en Leer, die Sentrum vir Leertegnologieë, die Taalsentrum, en die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling). Hulle gereelde terugvoer word gebruik om aan die finansiers verslag te doen, sowel as om die projek voortdurend te verbeter. 'n Omvattende **oorhoofse verslag** sal teen **einde-Maart 2021** beskikbaar wees.

Ons is uiters **dankbaar teenoor die skenkers** wat ons in staat gestel het om ons steunaanbod in hierdie tyd van enorme aanpassing vir sowel US-personeellede as -studente uit te brei.

4.2 SUNLearn

Die SUNLearn-platform word **opgegradeer** om stabiliteit onder hoë gebruiksdruk te verbeter. Dit sluit bykomende bedienernodusse en lasbalansering in. Die verbetering word op die proef gestel.

Daarbenewens het IT se Leertegnologiesestelsels-span begin met die eerste toetse van ontledingsfunksies wat in die leerbestuurstelsel (LBS) veranker is. In die lig van ons afhanklikheid van SUNLearn vir die meeste van ons onderrig en leer in 2020 en daarna, sal dit akademiese beplanning baat indien dosente **studente** kan identifiseer wat moontlik **bykomende steun** vereis.

In 'n ander nuwe projek word die **Leganto-biblioteekhulpbronlysbestuurstelsel** by SUNLearn geïntegreer. Studente sal leeslyste op SUNLearn kan bekom en gebruik.

Verlengde SUNLearn-**bystand-ure** en die voorsiening van **selfhelp-opsies** vir studente en personeel deur middel van die hulpkantoor is in werking gestel. Die nuwe bystand-ure is 08:00–22:00 op Maandae tot Vrydae, en 08:00–16:30 op Saterdag. Die LearnHelp-hulpkantoor sluit boonop nou eksamenspesifieke hoëprioriteitstoue en 'n telefoniese steundiens in.

4.3 Eksamineringsekuriteit

Die interne audit van Augustus 2016 het verskeie swakplekke in ons kontroles vir eksamineringsekuriteit aan die lig gebring. Een bepaalde aspek wat uitgewys is, was die bestuur van die **proses om vraestelle in te dien**. Om hierdie risiko die hoof te bied, het die Registrateursafdeling aan die werk gespring aan 'n nuwe aanlyn stelsel vir die indiening van vraestelle. Dié nuwe stelsel is met welslae in Oktober in werking gestel en bied 'n aansienlik veiliger en eenvoudiger proses.

Boonop het die bekendstelling van **aanlyn toesighouding oor e-assesserings** by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) (met behulp van RPNOW) die integriteit van hulle assesserings versterk. Hoewel nie alle USB-programme al hierdie metode aanvaar het nie, is daar besliste vordering in hierdie verband.

4.4 Desember-gradeplegtighede

Ons maak tans gereed om die akademiese prestasies te vier van duisende studente wat in Desember sal graduate. Gradeplegtighede sal in 'n formaat gehou word wat aan COVID-19-regulasies voldoen, en nie graduandi óf hulle gaste se gesondheid en veiligheid in gevaar sal stel nie.

Die Rektooraat het 'n **hibridiese gradeplegtighedsmodel** goedgekeur wat bestaan uit klein fisiese plegtighede (van aangesig tot aangesig) van 14 tot 16 Desember, sowel as fakulteitspesifieke aanlyn plegtighede.

Twaalf klein **fisiese gradeplegtighede** (vier per dag) sal in die Endlersaal van die Konservatorium gehou word. [Klik hier](#) vir 'n lys van die plegtighede, wat gehou sal word vir die verlening van:

- doktorsgrade (ook dié uit die siklus van Maart/April 2020);
- eredoktorsgrade;
- die Kanselierstoekennings; en
- die Kanseliersmedalje.

Fakulteitspesifieke aanlyn plegtighede sal vir die res van die graduandi-kategorieë gehou word, wat dus hulle kwalifikasies in absentia sal ontvang. Die skakels na hierdie plegtighede sal om 09:00 op 14 Desember vrygestel word.

Daarbenewens sal ons **Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe** op onderskeidelik 18 November en 14 Desember twee fisiese toewydingsplegtighede (van aangesig tot aangesig) hou. En ons **Fakulteit Krygskunde** sal op 2 Desember 'n afsonderlike gradeplegtigheid op Saldanhakampus aanbied.

Vir verdere inligting en nuus, besoek gerus ons [gradeplegtighedswebblad vir Desember 2020](#).

4.5 Afrika Doktorale Akademie

Altesaam **96 afgevaardigdes van 13 lande** (Botswana, Ghana, Kenia, Malawi, Mauritius, Namibië, Nigerië, Palestina, Rwanda, Suid-Afrika, Uganda, Zambië en Zimbabwe) het in September ingeskakel vir die vier kursusse van die Afrika Doktorale Akademie (ADA) se **aanlyn lenteskool**. Die kursusse (oor onderrig in 'n digitale wêreld, studieleiding vir 'n publikasie-PhD, akademiese skryfwerk, en 'n inleiding tot gemengdemetodenavorsing) is deur aanbieders van die US, KU Leuven en, vir die eerste keer, die Universiteit van Cambridge gefasiliteer.

4.6 Kortkursus oor globale gesondheid

US Internasionaal se Centre for Collaboration in Africa (CCA) het die kortkursus "Inleiding tot Globale Gesondheid" ondersteun deur middel van **24 beurse** wat moontlik gemaak is deur ons **Afrikasamewerkingstoelaag**. Deelnemers aan die kursus, wat deur die Departement Globale Gesondheid in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) aangebied is, was onder meer van die universiteite van Botswana, Namibië, Rwanda, Ghana en Zimbabwe, sowel as Makerere- en Jomo Kenyatta-universiteit. Die kortkursus beoog om deelnemers insig in globale gesondheid in Afrikaverband én verder te gee.

4.7 Geïntegreerde kortkursus oor gesondheid en leierskap

Van Augustus tot Oktober vanjaar is die eerste aanlyn aflewering van die FVZS Instituut se geïntegreerde [kortkursus oor gesondheid en leierskap](#) (HealthyUS) aangebied. Kliniese personeel van KGD en die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) was aanbieders in dié kursus, wat beoog om 'n begrip te skep van die gesondheidsorgstelsel as 'n weerspieëling van groter politieke en historiese sosio-ekonomiese ontwikkelings, sowel nasionaal as internasionaal. Studente van ons FGGW het ook vir die eerste keer help klas gee. Die kursus het uit aanbiedings oor kerntemas, begeleide groepsbesprekings en kritiese besinning bestaan. Die module "Oefening is medisyne" het by KGD se bewusmakingsveldtog oor hartgesondheid aangesluit.

4.8 Lesse uit die Biblioteek

Me Ellen Tise, senior direkteur van ons Biblioteek- en Inligtingsdiens, was 'n paneellid in 'n internasionale [webinaar](#) oor biblioteke en die stryd teen die aanlyn verspreiding van verkeerde inligting. Die geleentheid is op 13 Augustus deur die **Verenigde Nasies-biblioteek** aangebied. Me Tise het uitgewys dat hoewel biblioteke nie die plaag van aanlyn misleiding kan uitskakel nie, hulle wél die ergste gevolge daarvan kan neutraliseer deur bewustheid te wek, geloofwaardige inligting te voorsien, kliënte attent te maak op die skadelike impak van fopnuus, en mense in staat te stel om tussen feit en fiksie te onderskei.

Me Tise het ook op 30 September 'n aanbieding oor oop toegang by die **UWK-navorsingsweek** gelewer. Hier het sy beklemtoon dat oop wetenskap die dryfkrag is agter wetenskaplike integriteit, en navorsing help demokratiseer deur billike toegang tot, en deelname aan, wêreldwye wetenskaplike kommunikasie moontlik te maak. Sy het ook oor die US se ooptoegangsinisiatiewe gesels en die toekoms van wetenskaplike publikasie in ooptoegangsverband bespreek.

Me Naomi Visser, e-hulpbronnebestuurder van die Biblioteek, was 'n gasspreker in 'n internasionale [webinaar](#) oor beste biblioteekpraktyke om ononderbroke toegang tot navorsing en onderwys te verseker. Die webinaar is op 13 Augustus deur **Elsevier** aangebied. Sy het klem gelê op die belang van infrastruktuurgeredheid in ons Biblioteek se suksesvolle voortsetting van dienste gedurende die inperking. Sy het ook verslag gedoen dat die gebruik van die Biblioteek se databasisse tussen April en Junie vanjaar **met 71% toegeneem** het vergeleke met die ooreenstemmende tydperk verlede jaar, wat sy toegeskryf het aan beter kommunikasie met gebruikers.

4.9 AvOL aanlyn aangebied

Die COVID-19-pandemie het 'n legio probleme vir universiteite wêreldwyd veroorsaak. In die lig van die beperkings op groot byeenkomste het die organiseerders van die US se jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie besluit om vanjaar se geleentheid aanlyn aan te bied.

Die tema van die konferensie van 2020 was “Vier, waardeur, besin in **die e-omgewing**”, wat in Engels as “CARE” afgekort is. Dit het dosente se behoefte aan ondersteuning en aanmoediging in hierdie veeleisende tyd van oorskakeling na noodafstandsonderrig, -leer en -assessment onderstreep.

Die konferensie is deur die Sentrum vir Onderrig en Leer in samewerking met ander sentrums in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking gekoördineer. Dit het 'n ruimte gebied vir akademië om na te dink en te gesels oor innoverende praktyke wat uit hulle huidige unieke onderrigomstandighede voortspruit. Deelnemers kon hulle navorsingsbevindinge en innoverende idees met mekaar bespreek om die beste moontlike onderrig en leer aan die US te verseker.

4.10 Konferensie oor ervaringgerigte opvoeding

Ons Ko-kurrikulumkantoor was aanvanklik van plan om in Junie vanjaar 'n internasionale konferensie aan te bied. Vanweë COVID-19 en die verbod op internasionale reis moes die konferensie egter herverpak word om van 10 tot 11 November aanlyn plaas te vind.

Die US Konferensie oor Ervingerigte Opvoeding ([SUEEC](#)) was 'n geleentheid om ons instelling internasionaal te vestig as 'n universiteit wat op **transformerende leerervarings in hoër onderwys** konsentreer. Boonop het dit nuwe navorsing-, samewerking- en beleggingsvennootskappe aangemoedig en innovasie bevorder.

Sprekers het ingesluit prof Alice Kolb, uitvoerende hoof van Experience-Based Learning Systems (EBLS); Mustafa Erdogan, voorsitter van die DeM Sentrum vir Ervingerigte Opleiding in Turkye; prof George Kuh, emeritus professor in die Hoër Onderwys aan die Universiteit van Indiana, dr Kay Peterson van die Instituut vir Ervingerigte Opvoeding in die VSA; en dr Choice Makhetha en proff Arnold Schoonwinkel, Jonathan Jansen, Hester Klopper en Thuli Madonsela van die US.

4.11 Aanlyn sokkerafrigtingsontwikkeling


Maties Sport het in September 'n inleidende sokkerafrigtingswerksessie aangebied. Die fasiliteerder was mnr Abubakaar “Boebie” Solomons, die afrigtingsdirekteur van SASV Kaapstad, 'n plaaslike geaffilieerde van die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging wat verbind is tot gemeenskapsontwikkeling. Die kursus van vier weke is ten volle aanlyn aangebied en **50 deelnemers** het ingeskakel.

Die oorweldigende aanvanklike reaksie op die kursus dui op die behoefte aan afrigtingsontwikkeling, nie net in die Wes-Kaap nie, maar ook elders in Suid-Afrika. Hoewel aanlyn afrigtingswerksessies sekere beperkinge het, bied dié medium die voordeel dat dit nie deur geografiese grense ingeperk word nie, en word die verskeidenheid deelnemers dus uitgebrei. Soortgelyke geleenthede sal in die toekoms ondersoek word.

4.12 Maggie Laubser-versameling gedigitaliseer

Die US Museum het sy aansienlike [Maggie Laubser-versameling](#) gedigitaliseer. Navorsers wêreldwyd het nou toegang tot hierdie ryke versameling van een van Suid-Afrika se voorste kunstenaars via die platform [SUNDigital Collections](#) van die US Biblioteek.

Maria Magdalena (Maggie) Laubser (1886–1973), in die foto regs te sien soos sy haarself in 1924 in *Selfportret* uitgebeeld het, was 'n skilder en afdrummaker. Daar word algemeen aanvaar dat sy en Irma Stern die eerste ekspressionistiese kunstenaars in SA was. Sy is op 'n plaas naby Malmesbury gebore, en het Stellenbosch toe gekom as 'n kosskoolleerling by Bloemhofskool, wat destyds geleë was in die gebou waar die US Museum nou is. Sy sou mettertyd 'n spesiale band met die US vorm: Haar eerste solo-uitstalling is in 1930 in ons Ou Hoofgebou aangebied, en sy het in haar testament talle werke aan die Universiteit bemaak.



(Bron: Ballot, M. 2016. *Maggie Laubser – A Window on Always Light*. Stellenbosch: SUN MeDIA)

TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

5.1 Navorsingsetiëkkomitee van die Senaat

Hoewel hulle 'n kernrol in die navorsingspoging vervul, werk die US se navorsingsetiëkkomitees (NEK's) meestal agter die skerms. Weens die beduidende druk op NEK-lede om groot hoeveelhede aansoeke te beoordeel, het ons onlangs 'n beroep op kollegas gedoen om hulle dienste vir een van die vyf NEK's aan te bied. Die Navorsingsetiëkkomitee van die Senaat (SNEK) het by sy laaste vergadering met dank opgemerk dat die versoek 'n baie **positiewe reaksie** ontlok het:

- Dertien akademici in dissiplines soos Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid en Teologie het aangebied om in die NEK: Sosiaal, Gedrag en Onderwys (SGO) te dien, en het verpligte beoordelaarsopleiding voltooi.
- Wat die gesondheidsnavorsingsetiëkkomitees (GNEK's) betref, het vier senior navorsers aangebied om in 'n deskundige paneel vir die beoordeling van COVID-verwante kliniese proewe te dien, terwyl nege vrywilligers tans hulle opleiding as nuwe GNEK-lede voltooi.

COVID-19 het 'n **skerp toename** in die NEK's se **werklas** tot gevolg gehad. Die GNEK's het 'n toename van 30% vergeleke met 2019 beleef, wat insluit die snelbeoordeling van **226 COVID-19-verwante** projekte en wysigings, en die standaardbeoordeling van 449 projekte. Die NEK: SGO het **32 COVID-19**-projekte beoordeel, sowel as 809 ander projekte, vorderingsverslae en wysigings. Die NEK: Bioveiligheid en Omgewingsetiek (BOE) het tot dusver vanjaar 48 projekte beoordeel, en die NEK: Sorg en Gebruik van Diere (SGD) 91.

Die nuwe vrywilligers **verbeter die gehalte en diepte van beoordelings** deur die nuwe en unieke vaardighede en kennis wat hulle tot die NEK's bydra, en verlig die werkklas deur beoordelingsvermoë te verhoog. Ons spreek graag ons **dank** uit teenoor alle akademiese personeellede wat hulle vir hierdie ontsaglik belangrike taak beskikbaar stel.

5.2 US belê groot in nagraadse beurse

In pas met die US se visie om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees, het ons besluit om **oor die volgende drie jaar R120 miljoen** in nagraadse beurse te belê. Dít sal vergoed vir die afname in beursfinansiering van die Nasionale Navorsingstigting (**NNS**) sedert verlede jaar. Die beurse sal ook sorg dat ons sentrums van uitnemendheid én ons navorsingsleerstoele van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoeleinisiatief (**SARChI**) voortgaan om hoogs gekwalifiseerde nagraadse studente vir die bedryf op te lewer, en ook steeds relevante navorsing onderneem wat die samelewing baat. Die inisiatief strook boonop met die doelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan om die getal doktorsale gegradueerdes in die land te verhoog.

Die beurse sal op 'n mededingende grondslag beskikbaar wees vir **enige student in Suid-Afrika** wat daarin belang stel om aan die US te studeer. Ons is oortuig dat hierdie strategie ons die nagraadse studentepyepleiding en navorsingsuitnemendheid sal help handhaaf waarvoor ons bekend is.


Die US is gasheer vir ses sentrums van uitnemendheid van die Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI)/NNS en 28 SARChI-leerstoele. Die Universiteit het die afgelope vyf jaar aansienlik tot menslike ontwikkeling bygedra deur rekordgetalle PhD- en magistergegradueerdes op te lewer. Hierdie uitset het ook 'n ongekende getal publikasies in portuurbeoordeelde vaktydskrifte sowel as boekpublikasies tot gevolg gehad.

5.3 US-navorsingsuitset tot dusver vanjaar

Volgens data van die **Scopus**-databasis, is US-navorsingsproduktiwiteit (getal gepubliseerde artikels) tot dusver vanjaar hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 2019. Verlede jaar is 2 613 artikels in die Scopus-indeks van Januarie tot Oktober gepubliseer, vergeleke met **2 763 vanjaar**.

Ons Biblioteek- en Inligtingsdiens het van die begin van April tot Oktober sowat 300 **COVID-19**-verwante artikels deur outeurs verbonde aan die US op **Google Scholar** gevind. Hulle is van April tot Oktober 19 716 keer gelees en 8 012 keer afgelaai. Dít het 'n indrukwekkende **524 sitate** op Google Scholar tot gevolg gehad.

Nege-en-veertig van die betrokke artikels is op **SUNScholar**, ons institusionele bewaarplek, gelaai, wat dit vryelik toeganklik maak vir die grootste moontlike gehoor. Ook **SUNScholar**-gebruik in dié tydperk was hoër as verlede jaar (sien figuur hieronder). 'n Mens kan met gerustheid aanneem dat US-vakkundiges se navorsing oor COVID-19 'n aansienlike akademiese en sosiale impak gehad het.



Algemene SUNScholar-gebruik, Apr–Okt 2019 en 2020

Een spesifieke bydrae staan uit. Die artikel “[Parenting in a time of COVID-19](#)” deur Cluver en kollegas, waaronder die US se **prof Mark Tomlinson**, het in *The Lancet* (395:64) verskyn. Die artikel is sedert 29 April reeds 140 keer aangehaal, 5 613 keer gelees en 4 843 keer afgelaai – veel hoër as die gemiddelde syfers per artikel (11,9 sate, 386,5 keer gelees en 157 keer afgelaai). Dit is waarskynlik omdat die artikel oor ’n onderwerp van algemene openbare – in plaas van net akademiese – belang handel. Dit onderstreep nogmaals die rol van ’n ooptoegangbewaarplesk soos SUNScholar om inligting vir almal toeganklik te maak.

5.4 Voorlegging aan DHOO oor kreatiewe uitsette

By die skryf van hierdie verslag was ons besig met die samestelling van ’n voorlegging aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) oor die US se kreatiewe uitsette vir die tydperk 2017 tot 2019, met ’n sperdatum van 15 November (wat uitgestel is van 30 Junie). Die kategorieë is ontwerp, skone kunste, musiek, teater, uitvoering en dans, sowel as woordkuns.

Die DHOO het nog nie terugvoering gebied oor ons eerste voorlegging (van November 2019) nie. Finansiering met betrekking tot die voorlegging van 2019 sal waarskynlik eers in 2021 aan hoëronderwysinstellings beskikbaar gestel word.

Die volgende voorlegging sal oor die tydperk 2018 tot 2020 handel. Ons verwag ’n sperdatum van 30 Junie 2021.

5.5 #Researchforimpact-kommunikasieveldtog

Nadat *Research at Stellenbosch University 2019* vroeër vanjaar verskyn het, is ’n kommunikasieveldtog van Augustus tot November van stapel gestuur om die aandag op artikels uit hierdie uitgawe te vestig. Inhoud uit die publikasie is op die US se webtuiste en op sosiale media geplaas. [Klik hier](#) vir ’n digitale kopie van die publikasie, en [hier](#) vir die Facebook-blad “Research at Stellenbosch University”.



5.6 Navorsing met IT verbeter

Die Akademiese IT-span werk saam met tersaaklike interne belanghebbendes aan 'n **toegewyde IT-hulpburo** vir navorsing, waar navorsingspesifieke diensversoeke ingedien kan word. Dit sal deel uitmaak van IT se groter hulpkantoorstelsel wat van Jira – kragtige projektebestuursagteware vir spansamewerking – gebruik maak.

Boonop werk IT saam met die Afdeling Navorsingsontwikkeling aan 'n moderne, doelgeskikte oplossing vir die stelselmatige versameling, staving en aanbieding van, en verslagdoening oor, die US se **navorsingsuitletting**. 'n Verslagdoeningsoplossing vir **navorsingskontrakte** is ook aan die kom.

5.7 Biblioteeknavorsingsweek

Die jaarlikse **Biblioteeknavorsingsweek** is van 24 tot 28 Augustus vir die eerste keer aanlyn aangebied. Die doel van die inisiatief is om magister- en PhD-studente sowel as ontluikende navorsers te inspireer en met praktiese kennis van die grondbeginsels van navorsing toe te rus. Deelname vanjaar het alle verwagtinge oortref. 'n Veel groter gehoor is bereik, waaronder deelnemers van ons FGGW, USB en nagraadse studente van oor die hele land.

Altesaam **802 belangstellendes** het ingeskakel, vergeleke met 370 in 2019.

Gasspreker **dr Balindiwe Sishi** (foto regs), senior dosent in Fisiologiese Wetenskappe, het die week se verrigtinge geopen met 'n aanbieding oor haar PhD-reis ([klik hier](#) vir 'n video-opname).



TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* is ons mense ons eerste “institaatsteller” – 'n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan 'n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewes om die **voorkeurwerkgegewer** te wees, beoog ons 'n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van 'n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

6.1 Steun vir personeel gedurende COVID-19

In hierdie veeleisende tyd van COVID-19 is dit goed om te weet dat die Eenheid vir [Werknemerwelwees](#) in ons Afdeling Menslike Hulpbronne ons personeellede deurlopend ondersteun. Steun sluit in ontloftingsessies vir diene wat die pandemie in die voorste linie beveg, sowel as vir ander personeel in akademiese sowel as PASD- (professionele administratiewe steundienste-)omgewings.

Ander gereelde sessies sluit die volgende in:

- Basiese geestesgesondheidsnoodhulp vir lynbestuurders
- Hoe om moeilike gesprekke aan te voor (lynbestuurders en algemene personeel)
- Konflikbestuur (lynbestuurders)
- Die bou van doeltreffende verhoudings in die werkplek (lynbestuurders)
- Psigososiale steun (traumaontlofting- en beradingsessies)

6.2 Nuwe program vir personeelgesondheid en -welstand

Om die US se huidige Werknemerbystandsprogram te versterk, sal personeellede binnekort toegang hê tot 'n **nuwe, aanlyn program** vir personeelgesondheid en -welstand deur Life Employee Health Solutions (EHS), wat deur Careways gelewer sal word. Die beskikbare steun sal bestaan uit:

- **berading** (vir persoonlike probleme, verhoudings- en familiekwessies, verslawing, stres, geweld en trauma, rou en werkverwante aangeleenthede);
- bystand met **finansiële sake** (soos skuldberading en -bestuur, begrotings, swartlys, aftreebeplanning en lenings);
- **gesondheidsinligting** (gesondheids- en welweeswenke, waaronder dieetinligting); en
- **regsbystand** (professionele telefoniese regshulp en basiese regsdokumente, soos 'n testament, volmag, residensiële huurkontrakte en algemene verkoopsooreenkomste).

'n Bemerkingsplan sal in werking gestel word om alle personeel in kennis te stel.

6.3 Konsepplan vir personeelgesondheid en -welstand

'n Konsepplan vir personeelgesondheid en -welstand, wat die Rektroraat in April goedgekeur het, word tans in Universiteitswyd bespreek. Oorlegpleging met fakulteite en PASD- (professionele administratiewe steundienste-)omgewings het op 4 September 'n aanvang geneem. 'n Algemene tema wat uit die terugvoer tot op hede blyk, is die behoefte aan **ewekniesteun** sowel as behoorlike leiding én opleiding vir **lynbestuurders** wat gesondheid en welstand betref. Die terugvoer sal ingesluit word by 'n bygewerkte konsep, wat op 24 November voor die Rektroraat sal dien.

6.4 Konsepbeleid oor personeel- en studentegeestesgesondheid by die US

'n Konsepbeleid oor personeel- en studentegeestesgesondheid by die US is vir kommentaar versprei ([klik hier](#)). Die beleid is daarop toegespits om positiewe maatreëls in te stel om geestesgesondheidsuitdagings by die US te help **voorkom**, en om prosedures te skep vir die **hantering** van geestesgesondheidsprobleme wat wél ontstaan. Webinare sal aangebied word om verdere gesprek moontlik te maak. As alternatief, kan terugvoer ook deur middel van 'n kort aanlyn [opname](#) of per e-pos na mhpolicy@sun.ac.za voorsien word. By die skryf van hierdie verslag was die sperdatum vir kommentaar 27 November.

6.5 Opname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk

Altesaam 1 095 personeellede het in Oktober en November **2019** die US se opname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk voltooi. Dit was **52% meer** as die 720 personeellede wat in 2017 aan die eerste opname deelgeneem het.

Die Sentrum vir Bedryfsintelligensie (SBI) in ons Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het die opname onderneem, die (kwantitatiewe en kwalitatiewe) ontleding uitgevoer en die resultate bekend gemaak. Aanvanklike terugvoersessies aan die Rektroraat en die Institusionele Beplanningsforum het in Februarie 2020 plaasgevind.

Daarná het die SBI en Menslike Hulpbronne tussen April en Augustus **gesamentlike terugvoersessies** met die bestuursspanne van die onderskeie verantwoordelikhedsentrums en fakulteite gehou. Weens COVID-19 moes dít aanlyn deur middel van MS Teams gebeur.

Boonop is bykomende inligtingsessies op uitnodiging vir alle ander (ook niebestuurs-) personeel van verskillende omgewings gehou. Voorbeelde sluit in US Internasionaal en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

[Klik hier vir 'n verslag](#) oor die resultate van die opname, soos wat die Rektroraat dit aanvaar het. 'n Oorsigartikel wat die vernaamste bevindinge saamvat, is op 18 September 2020 in die e-nuusbrief vir personeel, nuus@StellenboschUni, gepubliseer.

Die doel van die US se opname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk is om personeel se vlakke van welstand en werksgeluk kwantitatief te bepaal en hulle mening oor die kultuur en klimaat in die werksomgewing in te win.

Die opname het bevind dat personeel oor die algemeen **trots** is daarop om vir die Universiteit te werk, positief voel oor die toekoms van die instelling, en deeglik bewus is van Visie 2040. 'n Verdere bemoedigende bevinding is dat personeel hulle werk geniet, voel dit is sinvol, en glo dat hulle bydrae tot die US 'n verskil maak. Interessantheidshalwe het personeellede **bo die ouderdom van 60** en **onder 30** aansienlik hoër vlakke van werksgeluk aangeteken as hulle kollegas in ander ouderdomskategorieë.

Verskeie faktore wat tot 'n **ongelukkige** werksomgewing bydra, het egter ook ter sprake gekom. Dit sluit in swak **vergoedingsvlakke**, 'n tekort aan **erkenning** vir prestasies, en swak **kommunikasie** deur die bestuur. Personeellede het ook aangedui dat gebrekkige **bevorderingsgeleenthede** hulle welstand benadeel, en het kommer uitgespreek oor **gelyke** behandeling, bevorderingsgeleenthede vir vroue in die besonder, sowel as **boeliery**. Hoewel die resultate op 'n positiewe gesindheid teenoor transformasie dui, het personeel wél kommer uitgespreek oor verskeie transformasie- en insluitingskwessies by die Universiteit.

Noudat die verslag voltooi en aanvaar is, het die Rektoraat en ander institusionele belanghebbendes betroubare data tot hulle beskikking wat as 'n basislyn kan dien om **intervensies** te ontwikkel en te meet. Die aanbevelings na aanleiding van die opname is soos volg:

- Dat die US 'n sterker klem op die welstand van personeel plaas deur verskeie inisiatiewe te implementeer, waaronder die finale aanvaarding en implementering van die konsepplan vir **personeelgesondheid en -welstand**, wat ook met genoeg hulpbronne moet gepaardgaan.
- Dat bestaande inisiatiewe en strukture vir **transformasie** versterk word.
- Dat die verslag van die taakgroep vir die **opwaartse mobiliteit van PASD-personeel** afgehandel en die aanbevelings daarin geïmplementeer word, en dat die bekostigbaarheid van akademiese bevorderings sowel as billikheid ten opsigte van die **bevordering van vroue** verseker word.
- Dat die taakgroep vir personeelaansporing hulle aanbevelings vir die **erkenning en waardering van alle personeellede** voltooi, en dat dit geïmplementeer word.
- Dat strukture en inisiatiewe met die klem op **inklusiewe gelykheid** en die uitskakeling van boeliery in die werkplek, waaronder die Eenheid vir Gelykwaardigheid, versterk word.

Gereelde **terugvoer** oor die implementering van hierdie aanbevelings sal voorsien word. En om ons vordering te meet, beplan ons om die opname in 2022 te herhaal.

6.6 Uitgelese professore

Ons het in Oktober aangekondig dat die US die titel van uitgelese professor aan 37 van ons akademici verleen het. Dit sluit 13 **nuwe aanstellings en 24 heraanstellings** in. Geluk aan almal!

Die titel van uitgelese professor is in 2014 geskep om erkenning te verleen aan ons beste akademici wat die hoogste vlak van prestasie in hulle loopbane bereik. Hulle is toonaangewende navorsers met internasionale status op hulle bepaalde gebiede, sowel as uitmuntende presteerders in die hoër onderwys wat betref navorsing en publikasies, leierskap in nagraadse studie, leer en onderrig, en transformerende sosiale impak.

Alle kandidate moet aan streng kriteria voldoen om aangestel te word, en 'n deeglike proses word gevolg. **Aanstellings geld vir vyf jaar en heraanstellings kan oorweeg word.** [Klik hier](#) vir die volledige lys aanstellings.

6.7 Dagsorg

Die behoefte aan gepaste dagsorgdienste op ons Stellenbosch- en Tygerbergkampus ontvang **deurlopend aandag**. Bykomende moontlikhede, waaronder moontlike laerkoste-opsies vir Tygerbergkampus, word ondersoek.

6.8 Siyakhula, nou aanlyn en in stereo

Weens die COVID-19-pandemie moes die aanbieding van die Siyakhula-program noodgedwonge verander. Siyakhula, wat beteken “ons groei”, bestaan uit vermoëbouwersessies wat personeellede met vaardighede vir transformasie, diensbillikheid, insluiting en welstand toerus. Aangesien die werksessies nie soos gewoonlik van aangesig tot aangesig kon plaasvind nie, is ’n reeks van **18 webinare** van Julie tot Oktober op Vrydagoggende gehou. Onderwerpe soos godsdienstige en kulturele **insluiting, gender, vroue in die werkplek, dekolonisasie, bemiddeling en konflikbeslegting, transformerende leierskap en waardegebaseerde besluitneming** is bespreek.

In ander nuus het die Transformasiekantoor en die Direkoraat Diensbillikheid die **weeklikse radioprogram Siyakhula Live** van stapel gestuur. Dié program met transformasieverwante inhoud word sedert 2 September van 18:00 tot 19:00 op Woensdae op MFM uitgesaai. Dit stimuleer gesprekvoering in pas met die US se strewe om ’n getransformeerde en geïntegreerde akademiese gemeenskap te wees wat kritiese denke vier, debat bevorder en verbind is tot demokrasie, menseregte en maatskaplike geregtigheid.

6.9 Diensbillikheid by die US versnel

Ná die Raad se onlangse aanstelling van die volgende Viserektor: Leer en Onderrig is ons Afdeling Menslike Hulpbronne versoek om ondersoek in te stel na hoe die werwing van swart Afrikaan-kandidate bevorder kan word. ’n Voorlopige verslag het intussen voor die Rektooraat gedien, wat die volgende bestaande en nuwe maatreëls prioritiseer:

- (a) Versnel die implementering van die **Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit**, wat vroeër vanjaar goedgekeur is. Die kode lê mandate en riglyne neer vir die prioritisering en werwing van verskeie personeelkategorieë.
- (b) Versterk voldoening aan die teikens in die Universiteit se pas aanvaarde **Diensbillikheidsplan**. Hierdie teikens sal jaarliks hersien word.
- (c) Die Rektooraat het onlangs **aanbevelings** aanvaar om die instelling sy diensbillikheidsteikens te help bereik. Dit sluit die volgende in:
 - i Dat omgewings opvolgingsbeplanning doen en werwingsprosesse van stapel stuur wat met die institusionele en omgewingsplanne vir diensbillikheid sowel as die Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit **strook**.
 - ii Dat die voorkeurdiversiteits**profiel** van kandidate in alle advertensies genoem mag word om ’n meer diverse kandidatepoel te help skep.
 - iii Dat die Diensbillikheidskantoor voortgaan met gereelde **werksessies** oor die implementering van die Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit vir lynbestuurders, menslikehulpbronpraktisyns en diensbillikheidsverteenvoerders.
 - iv Dat **moniteringsmeganismes** ontwikkel en geïmplementeer word om teikens in elke US-omgewing te help bereik. Hierdie moniteringsfunksie behoort hindernisse vir diversifisering uit te wys en uit die weg te ruim.
 - v Dat **diensbillikheidsverteenvoerders** uit die staanspoor deelneem aan die vul van poste om te sorg dat diensbillikheidsverpligtinge nagekom word.

- vi Dat die Diensbillikheidskantoor jaarliks aan die Rektoraat **verslag** doen oor die mate waarin teikens in alle afdelings van die Universiteit bereik is.
- (d) Die bestaande werwingsprosesse deur die **eksterne werwingsagentskap** BMC sal versterk word. Die US se **hoofdirekteur van Menslike Hulpbronne** sal aktief deelneem aan die werwing van veral senior personeellede in PASD-omgewings.
- (e) Die hindernisse wat BMC uitgewys het ten opsigte van die werwing en behoud van swart Afrikaan-personeel moet hanteer word. Een konkrete manier om dít te doen is om die transformasie en vernuwing van ons **instusionele kultuur** te prioritiseer. Die pas hersiene program **Siyakhula** (“Ons groei”), wat beoog om transformasievaardighede onder personeellede en studente te bou, sal sterk instusionele steun geniet (**sien 1.11 en 6.8**).
- (f) Menslike Hulpbronne en die Rektoraat sal werk maak van gebiede waar huidige regulasies vir die aanstelling en heraanstelling van senior PASD-personeel verbeter moet word. Dít sluit in riglyne om te sorg dat die **Senior Aanstellingskomitee** op gepaste wyse gediversifiseer word, en dat die vereiste akademiese vlak van kandidate betyds opgeklar word.

6.10 Uitsonderlike personeelprestasies

KU Leuven in België sal in Februarie 2021 ’n eredoktorsgraad toeken aan **prof Jimmy Volmink**, ons Dekaan: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, ter erkenning van sy “werk in die stryd teen ongelukheid in die bevordering van menswaardigheid” en sy “bydrae tot sowel die wetenskap as praktyk om gesondheid en welstand te verbeter”. ([Klik hier](#) vir meer hieroor.) Prof Volmink verdien beslis hierdie eerbewys, en ons is ontsaglik trots op hom.

Me Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, is op 7 November tot lid van die direksie van die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK) verkies. ([Klik hier](#) vir meer hieroor.) Sy dra ’n magdom ervaring tot die direksie by, en ons glo haar deelname op hierdie vlak sal sowel die Universiteit as die land baat.

Die Egiptiese Akademie vir Wetenskaplike Navorsing en Tegnologie het **dr Cletos Mapiye** van ons Departement Veekundige Wetenskappe met ’n Jong Afrikanavorsers-toekenning vir 2020 vereer ([klik hier](#)). Hy dien tans as die tussentydse bekleër van die SARChI-leerstoel in vleiswetenskap by die US.

Prof Michael le Cordeur, die voorsitter van die Departement Kurrikulumstudie in ons Fakulteit Opvoedkunde, het vanjaar se Neville Alexander-prestigetoekenning vir die bevordering van Afrikaans ontvang. ([Klik hier](#) vir meer.) Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in samewerking met die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) het dié eerbewys aan hom toegeken.

SLOT

In ’n jaar vol enorme uitdagings wat ’n ingrypende impak op ons bedrywighede gehad het, het Span Universiteit Stellenbosch die struikelblokke in ons pad deur innovasie en doodgewone harde werk te bowe gekom. Dit wil voorkom of die einde van die COVID-19-uitdaging nog nie in sig is nie. Nietemin is ek oortuig dat die lesse wat ons uit hierdie moeilike jaar geleer het ons goed toerus om ons **strategiese doelwitte voor oë te hou**.



Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier

BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (27 Aug–26 Okt 2020)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Arné Kruger	NGDip-student (Teologie)	'Maak tog vrede met Tinder. Jou kind gáán liefde aanlyn vind'	Netwerk24 (27 Aug)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	Roekelose ongeërgdheid	Netwerk24 (27 Aug)
Florence de Vries	Bemarking en Kommunikasie (Geneeskunde en Gesondheiswetenskappe)	Die vonkel in versiering: 'n verhaal oor die prys vir geduld	Vrye Weekblad (28 Aug)
Morgan Rothman	BA-student (Maatskaplike Werk)	'Aanlyn leer maak my lewe baie makliker'	Netwerk24 (28 Aug)
Dr Mpho Tlale	Publiekreg	Xolobeni: Protecting vulnerable people's land against mineral rights grabs	Daily Maverick (28 Aug)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Die moed om na woede te luister	Netwerk24 (29 Aug)
Dr Margaret Blackie	Chemie en Polimeerwetenskap	It is possible to decolonise science	Mail & Guardian (31 Aug)
Dr Hanelie Adendorff	Sentrum vir Onderrig en Leer		
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	A sweet victory for urban spatial justice in Cape Town	Muslim Views (1 Sep)
Dane Isaacs	PhD-student (Sielkunde)	Perpetrators of gender-based violence don't have a specific personality type	IOL (1 Sep)
Benita Moolman	Universiteit van Kaapstad		
Catherine Ndinda	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing		
Tarien Riekert	BSc-student (Voedselwetenskap)	Is aanlyn leer werklik meer toeganklik?	Netwerk24 (2 Sep)
Prof Eugene Cloete	Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie	Data in die tyd van Covid-19: Stel die ekonomie verder oop	Netwerk24 (3 Sep)
Prof Kanshukan Rajaratnam	Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke		
Dr Henry Asia	PhD-gebaseerde artikel (Opvoedingsbeleidstudie)	Lesse in ubuntu vir almal	Netwerk24 (3 Sep)
Proff Wolfgang Preiser & Gert van Zyl	Geneeskundige Virologie	How pooled testing can increase access to essential laboratory tests in Africa	The Conversation (3 Sep)
Prof Sheetal Silal	Universiteit van Kaapstad	Uncertainty governs Covid-19 projections, so multidisciplinary research is vital	Business Live (3 Sep)
Prof Gesine Meyer-Rath	Kantoor vir Navorsing oor Gesondheidseconomie en Epidemiologie (HE ² RO)		
Prof Juliet Pulliam	SACEMA		
Dr Harry Moultrie	Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes		
William Sezoe	BEd-student	Waar is die geregtigheid vir Nathaniel Julius?	Netwerk24 (3 Sep)
Prof Zsa-Zsa Temmers-Boggenpoel	Publiekreg	Yes, the homeless are also protected by the Constitution	Daily Maverick (3 Sep)
Prof Peter Rule	Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys	Covid-19 and the (ill-)health of literacies education in South Africa	Daily Maverick (4 Sep)
Anelisiwe Hatto	Magisterstudent (Politieke Wetenskap)	More than military might needed to stop Boko Haram and al-Shabaab	News24 (5 Sep)
Nishai Moodley	Magisterstudent (Sosiologie en Sosiale Antropologie)	Three lessons for hybrid education in South Africa	Weekend Argus (5 Sep)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Ethical leadership and collaborative thinking are what SA needs to weather the storms	City Press (6 Sep)
William Sezoe	BEd-student	'Ag nee, Clicks! Julle is meer damaged as ons hare'	Netwerk24 (7 Sep)
Karel van der Vyver	LLB-student	Covid-19 wys die wêreld is nie gereed vir toekoms	Netwerk24 (7 Sep)
Nicola Spingies	BA-student (Taal en Kultuur)	Moet ek gil of gril om terug te gaan kampus toe?	Netwerk24 (7 Sep)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Phumla Kese	Kurrikulumstudie	Important role of literacy teachers in our post-Covid-19 learning	Cape Times (7 Sep)
Dr Zelda Barends	Kurrikulumstudie	A great literacy tapestry	Cape Argus (8 Sep)
Dr Pauline Hanekom	Sentrum vir Pedagogie	Covid-19 exposes South Africa's digital literacy divide	Mail & Guardian (8 Sep)
Prof Jason Bantjes	Sielkunde	South African universities need to know why students' suicide risk is so high	The Conversation (8 Sep)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	When the going gets tough, make sure you get going	News24 (8 Sep)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	Covid-19 se ander pandemie: Waarom woorde saak maak	Netwerk24 (10 Sep)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	How did the EFF get it so wrong?	Business Live (10 Sep)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Democracy is under siege everywhere – we must defend and champion it	Daily Maverick (10 Sep)
Prof Hester Klopper	Viserektor: Strategie en Internasionalisering	Internationalisation must go on, even if borders are closed	University World News (10 Sep)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	Die evolusie van tradisie	Rapport (13 Sep)
William Sezoe	BEd-student	Die versugting van 'n student uit 'n donker kamer	Netwerk24 (14 Sep)
Prof Nicola de Jager	Politieke Wetenskap	The decline of freedom in democracies	News24 (15 Sep)
Anika Berning	Ondernemingsbestuur	NPO sector needs rebranding badly to increase its impact	Business Live (16 Sep)
Prof Lindy Heinecken	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Speaking truce to power: The benefits of deploying female soldiers on foreign peacekeeping missions	Daily Maverick (16 Sep)
Alet Louw	BVV-student (Verpleegkunde)	'Ons skuil agter ons selfone'	Netwerk24 (17 Sep)
Lucia Schoombee	Magisterstudent (Lettere)	Is the COVID-19 pandemic bringing out the best in science?	University World News (19 Sep)
Dr Penny Mograbi, dr Alta de Vos, prof Charlie Shackleton & drJoana Bezerra Drs Hayley Clements & Kristi Maciejewski Dr Kaera Coetzer	Rhodes-universiteit Komplekse Sisteme in Transisie Universiteit van die Witwatersrand	South Africa's land reform policies need to embrace social, economic and ecological sustainability	The Conversation (20 Sep)
Craig Bailie	Skool vir Sekerheid- en Afrikastudies	International Peace Day: Guns still fire in Africa	News24 (21 Sep)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	'Jerusalem': Hoop vir 'n beter lewe	Netwerk24 (21 Sep)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	Ons moet kan saampraat oor helde uit ons diverse verlede	Netwerk24 (21 Sep)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	On this Heritage Day, let's also celebrate our hybridity	Daily Maverick (21 Sep)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Ons skuld onself meer menslikheid	Netwerk24 (23 Sep)
Dr Nico Cloete	Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapmetriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid	Can black academics be supported in toxic institutional cultures?	University World News (24 Sep)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Human connection in a time of digitised university education	University World News (24 Sep)
Marietjie Booyens	Magisterstudent (Regte)	Erfenis spreek van 'n gedeelde geheue	Netwerk24 (24 Sep)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Dit moet ons strewende wees	Netwerk24 (24 Sep)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	'n Erfenis-gelykenis	Netwerk24 (26 Sep)
Prof Dion Forster	Sistematiese Teologie en Ekklesiologie	Compassion fatigue is normal during abnormal times	Mail & Guardian (26 Sep)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	Is Huis Marais 'n piepende muis?	Netwerk24 (27 Sep)
Prof Jeffrey Dorfman	Geneeskundige Virologie	How changing vaccine schedules can save costs and lives: findings from South Africa	The Conversation (28 Sep)
Dr Robyn Pharoah	Navorsingsalliansie vir Ramp- en Risikovermindering (RADAR)	Smoke alarms can save lives in informal settlements – if the design is right	The Conversation (28 Sep)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Guy Lamb	Politieke Wetenskap	Kinnear killing: Firearms, police corruption and organised crime	News24 (29 Sep)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Danny Titus is 'vir die taal geleen'	Netwerk24 (29 Sep)
Prof Lindy Heinecken	Sosiologie en Sosiale Antropologie	South Africa mulls future of its military to make it fit-for-purpose	The Conversation (28 Sep)
Neo Mokone	LLB-student	Reform law firms' recruitment policies	Cape Argus (30 Sep)
Prof Ronelle Burger	Ekonomie	Covid-19 is not over – wear a mask and keep your distance	Daily Maverick (30 Sep)
Leila Patel	Universiteit van Johannesburg	South Africa must redouble its policy and relief efforts to stave off hunger	Daily Maverick (30 Sep)
Prof Servaas van der Berg & Grace Bridgman	Ekonomie		
Nic Spaul	Ekonomie	SA's surreal lost decade	Business Live (30 Sep)
Nompumelelo Mohohlwane	PhD-student (Opvoedingsbeleidstudie)	A testing time for schooling	Business Live (30 Sep)
Drs Stephan Taylor & Debra Shepherd	Ekonomie		
Dr Gabrielle Wills & Jesal Kika-Mistry	Ekonomie	SA's early childhood development sector in the balance	Business Live (30 Sep)
Janeli Kotzé	Departement van Basiese Onderwys		
Dr Michelle Lim	Macquarie-universiteit	'You wake up with lab-engineered coffee': how our imaginations can help decide Earth's future	The Conversation (1 Okt)
Dr Carina Wyborn Dr Federico Davila	Nasionale Universiteit van Australië Universiteit vir Tegnologie, Sydney		
Dr Laura Pereira	Komplekse Sisteme in Transisie		
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	Let's move for mental health	News24 (1 Okt)
Schalk Engelbrecht	Sentrum vir Toegepaste Etiek	Accounting ethics: Why character matters	Mail & Guardian (1 Okt)
Dr Laura Pereira	Komplekse Sisteme in Transisie	Now's the time to share ideas about the future for people and nature	The Conversation (1 Okt)
Prof Maureen Robinson	Kurrikulumstudie	Student teachers learn new resilience	Mail & Guardian (2 Okt)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Om méér te deel	Rapport (4 Okt)
Tiaan de Swardt	HonsBCom-student	Hoekom is meer vroue as mans tydens die inperking benadeel?	Netwerk24 (5 Okt)
Prof Eugene Cloete	Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie	Covid-19: Reëls om 2de vlaag te vermy	Netwerk24 (5 Okt)
Prof Kanshukan Rajaratnam	Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke		
Solange Durão	Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg	Covid-19 has increased hunger in SA: So what works best to improve access to food?	News24 (5 Okt)
Michelle Galloway	Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS)		
Vundli Ramokolo	SAMNR		
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Beware the 'politics of pity' when untangling racism from race trouble	Daily Maverick (5 Okt)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO)	Subdivision of agricultural properties could assist land reform programme	Business Live (5 Okt)
Prof Nick Vink	Landbou-ekonomie		
Francois Haupt	BA-student (Taal en Kultuur)	Die verlamming van depressie	Netwerk24 (5 Okt)
Patricia Zweig	RADAR	Vital to work with communities to stop killer fires	Cape Times (6 Okt)
Prof Sandra Liebenberg	Publiekreg	Why human rights should guide responses to the global pandemic	The Conversation (6 Okt)
Prof Jason Bantjes	Sielkunde	There's an app for that – mental health treatment has come a long way since the days of lobotomies	Daily Maverick (6 Okt)
Marietjie Booyens	Magisterstudent (Regte)	Dis wat ons alles by honde kan leer	Netwerk24 (7 Okt)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Gerald Maarman	Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika	Pulmonary hypertension: why creating awareness is key in Africa	The Conversation (8 Okt)
Dr Carina Venter Dr Jess Auerbach	Musiek Noordwes-Universiteit	An unconventional look at life in Lobito: beyond Angolan stereotypes	The Conversation (8 Okt)
Dr Jenny Edge Dr Ines Buccimazza	Chirurgiese Wetenskappe Universiteit van KwaZulu-Natal	Who cares for the carers? The virus and the violence against healthcare workers	Daily Maverick (8 Okt)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	'n Energieke nuwe bries: Dekolonialiserende taalteorie aan die 2020 ILAF webinaar oor taal en die strafregstelsel	LitNet (8 Okt)
Frederik van Dyk	Magisterstudent (Regte)	Senekal: Politiek van oproer en empatie	Netwerk24 (9 Okt)
Prof Wolfgang Preiser Dr Rika Preiser	Geneeskundige Virologie Komplekse Sisteeme in Transisie	Covid-19 peer-review of research: Integrity of science crucial in pandemic times	News24 (10 Okt)
Prof Soraya Seedat	Psigiatrie	World Mental Health Day: Under-investment in mental health has never been more acutely felt	Health24 (10 Okt)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	Optimisme ... 'is hoop met 'n plan'	Rapport (11 Okt)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	We need to release all the adrenaline from Covid-19 anxieties	City Press (11 Okt)
Prof Pumla Gobodo-Madikizela	Historiese Trauma en Transformasie	Let's avoid the trap of black fragility: Tempering the right to express outrage with moral wisdom	Daily Maverick (12 Okt)
Steffani Magerman	BA-student (Maatskaplike Werk)	Die dag toe die doodstyding kom	Netwerk24 (12 Okt)
Prof Mark Tomlinson	Instituut vir Lewensloopgesondheids-navorsing	What we have learnt: 19 lessons from the Covid-19 pandemic	Daily Maverick (12 Okt)
Dr Robyn Pharoah	RADAR	Disaster risk management mainly up to us	Cape Times (12 Okt)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Poverty, Covid-19 and the climate crisis – weathering the perfect storm	Daily Maverick (12 Okt)
Alet Louw	BVV-student (Verpleegkunde)	Sal ons eers moet sien hoe lyk 'n land sonder boere?	Netwerk24 (14 Okt)
Prof Xikombiso Mbhenyane & dr Bertrand Ayuk	Menslike Voeding	Food security must be on nations' menu	Pretoria News (15 Okt)
Dr Nthabiseng Moleko Prof Mark Swilling	US Bestuurskool Komplekse Sisteeme in Transisie	How to double GDP in 10 years: an alternative model of the state	Business Live (15 Okt)
Dr Leslie van Rooi	Sosiale Impak en Transformasie	What to do as a final-year student during a pandemic	University World News (15 Okt)
Dr Scott Drimie	Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium	Building a sustainable food system for SA post Covid-19	News24 (16 Okt)
Prof Gunnar Sigge	Voedselwetenskap	Processed food has bad press, but it's essential for nutrition security	Mail & Guardian (16 Okt)
Prof Lisanne du Plessis	Menslike Voeding	Standing together to support breastfeeding for strong immunity	Health24 (16 Okt)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Achieving gender justice: what can men and women do?	Al-Qalam (16 Okt)
Theo Boshoff & Wandile Sihlobo Prof Johann Kirsten	Landbousakekamer BEO	Expropriation Bill still keeps expropriation as a last resort	Business Live (17 Okt)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Dikker of dunner velle ná '20?	Netwerk24 (17 Okt)
Prof Njabulo Ndebele	STIAS	South Africa needs a fresh national imagination: here are some ideas	The Conversation (18 Okt)
Neo Mokone & Thembaletu Seyisi Lethabo Sehlabane	LLB-studente BRek-student	Economic reconstruction and recovery plan: Why it won't work	IOL (19 Okt)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	'n Strategie vir die insluiting van Kaapse Afrikaans by die formele skoolkurrikulum	LitNet (19 Okt)
Dr Gawie Botma	Joernalistiek	'First rough draft of history'	Cape Argus (20 Okt)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Drs Hanél Sadie-van Gijzen & Liske Kotze-Hörstmann	Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika	Can tea really lower your blood sugar?	Health24 (20 Okt)
Prof Alex Welte	SACEMA	Herd (immunity) today, gone tomorrow	Spotlight (20 Okt)
Rozanne Bester	BA-student (Taal en Kultuur)	'Hoe kan ek op 21 voel dat ek reeds misluk het?'	Netwerk24 (21 Okt)
Prof Dion Forster	Sistematiese Teologie en Ekklesiologie	We must make moral choices about how we relate to social media apps	The Conversation (21 Okt)
Arné Kruger	NGDip-student (Teologie)	'Die dag toe ek besef ek is nie meer 'n student nie'	Netwerk24 (21 Okt)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Senekal: 'n Drama	Netwerk24 (22 Okt)
Dr Nico Cloete	Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapmetriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid	Castells, Calderon also raise questions about Africa's education	University World News (22 Okt)
Dr Roxana Chiappa	Rhodes-universiteit		
Wandile Sihlobo	Landbousakekamer	What next for the land the government wants to distribute?	Business Live (22 Okt)
Prof Johann Kirsten	BEO		
Dr James Blignaut	Skool vir Publieke Leierskap	The journey towards truth and reconciliation starts with respect	Daily Maverick (22 Okt)
Dr Lizabé Lambrechts	Africa Open-instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie	Dance to a different (archival) beat	Mail & Guardian (23 Okt)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Eenheid vir Morele Leierskap	Skoolgaan is nie vir Boeties nie	Rapport (25 Okt)
Prof Ursula Hoadley	Universiteit van Kaapstad	Pandemic has hit pupils hard: we can help them make up for lost time	Sunday Times (25 Okt)
Prof Servaas van der Berg	Ekonomie		
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Eenheid vir Morele Leierskap	Hoe stuit ons al op skool morele verval?	Netwerk24 (26 Okt)

Rubrieke (27 Aug–26 Okt 2020)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)		
Prof Johan Fourie	Ekonomie	For some, a little faith goes a long way	Finweek (27 Aug)		
		Sin taxes: the devil is in the detail	Finweek (10 Sep)		
		How big data is changing investment	Finweek (24 Sep)		
		Hoe om 'n finansiële borrel te identifiseer	Finweek (2 Okt)		
		Die mag van 'n goeie verwysing	Finweek (22 Okt)		
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Suid-Afrika se slegte haardag	Netwerk24 (8 Sep)		
		Ginsburg-dood verlies vir vroue	Netwerk24 (22 Sep)		
		VSA sit met 'n grondwetkrisis	Netwerk24 (6 Okt)		
		Dié 'manlikheid' lei tot geweld	Netwerk24 (20 Okt)		
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	Xenophobia is the enemy agent and we must be on high alert	Times Live (27 Aug)		
		Certainty 1: matric exams will be a farce. Certainty 2: ANC will hide this	Times Live (3 Sep)		
		We explode with rage over a racist ad, but still fall for white-hair lie	Times Live (10 Sep)		
		A man, an octopus and lessons for our corona lives	Times Live (17 Sep)		
		Behind the end-of-year exam plan is a big, ruinous lie	Times Live (24 Sep)		
		Online exams are fertile ground for cheats. Here's how to fix them	Times Live (30 Sep)		
		'Just suck it up': how a teacher's passion conquers a pandemic	Times Live (8 Okt)		
		Jailing the corrupt big fish would give SA joy, but it has its dangers	Times Live (14 Okt)		
		Look deeper and you'll see that both sides in Senekal have the same enemy	Times Live (21 Okt)		
		Dr Donald Katts	Praktiese Teologie en Missiologie	Geregtigheid kom ook die armstes toe	Netwerk24 (9 Sep)
				Kultuur van goedheid is nou nodig	Netwerk24 (7 Okt)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Gewone mense moet veg vir geregtigheid	Netwerk24 (2 Sep)		
		Maak dit deel van nageslag se erflating	Netwerk24 (23 Sep)		
		Dans dan met harte vol hoop	Netwerk24 (30 Sep)		
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Proefonderwys is deel van onderwys se ekosisteem	Netwerk24 (1 Sep)		
		Die potloodtoets	Netwerk24 (15 Sep)		
		Komorbiditeite: Dit is tyd vir 'n nuwe benadering	Netwerk24 (29 Sep)		
		E-klaskamers bied verskeie uitdagings	Netwerk24 (13 Okt)		
Prof Reggie Nel	Dekaan: Teologie	In dié tye raak ons opnuut roepingsbewus	Netwerk24 (23 Sep)		
Hugo Pienaar	BEO	Met 'n fokus op simptome gaan SA nie die pyp rook nie	Vrye Weekblad (7 Aug)		
		Diversifikasie gee stukrag, in goeie en slegte tye	Vrye Weekblad (21 Aug)		
		'n Hupstoot uit Amerika, maar plaaslike hervormings bly kritiek	Vrye Weekblad (4 Sep)		
		Baie is beslis fout, maar Suid-Afrika misluk darem nog nie	Vrye Weekblad (18 Sep)		
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Onthou Andringastraat	Netwerk24 (1 Sep)		
		Moet doodstraf ingestel word?	Netwerk24 (15 Sep)		
		Die mens nie outonoom?	Netwerk24 (29 Sep)		
		Moraliteit, etiek en reg verskil so	Netwerk24 (13 Okt)		
Dr Leslie van Rooi	Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	Studente se verkiesings moet anders lyk	Netwerk24 (3 Sep)		
		Hoe maak ons met ons erfenis?	Netwerk24 (24 Sep)		
		Nader ons die einde van die era van sosiale media?	Netwerk24 (15 Okt)		

MEDEWERKERS

Hierdie verslag is saamgestel deur **Desmond Thompson**, Senior Kommunikasiespesialis: Uitvoerende Bestuur, in oorleg met **prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **Mohamed Shaikh**, Uitvoerende Bestuurder: Rektooraat. Die **US Taalsentrum** het die redigeer- en vertaalwerk deur hulle medewerker **Hendrien Swanepoel** gefasiliteer. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat alfabeties volgens US-omgewing gelys word:

Biblioteek- en Inligtingsdiens: Ellen Tise, Ilse de Lange, Mimi Seyffert-Wirth

Fasiliteitsbestuur: Viljoen van der Walt, Nadeem Gafieldien, Japie Engelbrecht, Madelein Malan, Nicolette van den Eijkel

Finansies: Manie Lombard, Liesel Grobbelaar, Karen Strauss

Informasietegnologie: Attie Juyn, Sonja van der Westhuizen, Johann Kistner, Ralph Pina, Bernard Heessen, Lianne Keiller

Inligtingsoorsigbestuur: Prof Ian Cloete, Anri Dorfling, dr Alten du Plessis, Leon Eygelaar, Loumarie Kistner

Innovus/SUNKOM: Anita Nel, Hein Swanepoel, Stefan du Toit

Kantoor van die Bedryfshoof: Prof Stan du Plessis, Petro Mostert

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking: Dr Alec Basson, Marguerite Cloete, Christelle Feyt, Candes Keating, Susan van der Merwe, Martin Viljoen, Rozanne Engel

Leer- en Onderrigverryking: Dr Antoinette van der Merwe, Anneke Müller, Christina Harvett, Miné de Klerk, dr JP Bosman, Magriet de Villiers, dr Sonja Strydom, dr Noline Herman, dr Melanie Skead, dr Hanelie Adendorff, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Charmaine van der Merwe

Maties Sport: Ilhaam Groenewald

Navorsingsontwikkeling: Maryke Hunter-Hüsselmann, Aasima Gaffoor, Whitney Prins, Dalene Pieterse, Maléne Fouché, Esmari Huysamen, Dorothy Stevens, Cornelia Malherbe, Dominique Meyer, dr Nicola Barsdorf, dr Therina Theron

Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge: Karen Bruns, Randall Adams, Vera Adams, Sarah Archer, Anel de Villiers, Jolene Fransman, Hans Scriba, Shaun Stuart, Pieter Swart, Sonia Schoeman

Strategiese Inisiatiewe: Dr Barbara Pool

Studentesake: Dr Choice Makhetha, Anele Mdepa, Thulani Hlatshwayo, Pieter Kloppers, Tonia Overmeyer, JC Landman

US Internasionaal: Kirwan Adams, dr Nico Elema, prof Sarah Howie, Anisa Khan, Robert Kotzé, Sarah van der Westhuizen

VS Leer en Onderrig: Prof Arnold Schoonwinkel, Maretha Joyce

VS Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie: Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz

VS Registrateur: Dr Ronel Retief, Ashmind Daniels, Freek Truter, Gerhard Lipp, Bruce Banda, dr Celeste Nel, Anne Havemann-Serfontein, Tarien Jacobs

VS Sosiale Impak, Transformasie en Personeel: Prof Nico Koopman, Bongani Mgijima, Kurt September, Ricardo Brecht, dr Mosa Phadi, Natasha Coltman, Saartjie Botha, Ernestine Meyer-Adams, dr Claire Kelly, dr Leslie van Rooi, Michelle Jooste, dr Craig Thompson, Susan Crumpton, Greshne Davids, dr Pierre Viviers, Valdene Southon, Jan Knight, Shibu Mamabolo, Venessa Williams, Victor Mothobi, Joanne Williams

VS Strategie en Internasionalisering: Prof Hester Klopper, dr Wayne Muller